17.1 RAPPORT DEPUTATE VIR ADVIES INSAKE TOESEGGINGS UIT DIE RENTE VAN DIE SUSTENASIEFONDS (Artt 70, 71, 269)

ZZZZ. Ds MP Fourie lewer die Rapport.
AAAAA. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie vir Finansies.
BBBBB. Ds PJ Nel rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.

CCCCC. RAPPORT

1. Opdrag

Die opdrag is in die Acta van 2006:283.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

Vir die stand van die Sustentasiefonds se kapitaal- en rentefonds – kyk die finansiële state van die Administratiewe Buro.

Aansoeke

Ten spyte van herhaalde versoeke en van die verduidelikende notas, was baie kerke se aansoeke nie volledig nie en het dit nie aan al die vereistes van die Reglement voldoen nie. Daar was ook aansoeke van kerke wat keurig en netjies versorg was met al die nodige inligting en verduidelikings. Sommige Klassisse het baie deeglike werk gedoen, terwyl ander hulle verantwoordelikheid om die aansoek te motiveer, nagelaat het.

Aansoeke is op dieselfde wyse as in die verlede behandel en beoordeel volgens die Reglement. Kerke wat aansoek doen om sustentasie, is gevra vir ’n bedieningsplan sodat die wyse waarop die kerk sy roeping wil nakom, duidelik is. Vergelyk ook die werkswyse in die Reglement (Acta 2006:277-282).

Die aansoeke van kerke by die Sustentasiefonds vir 2007 was R4 465 264.00. Die Deputate het ’n bedrag van R3 035 617 goedgekeur waarvan die Sustentasiefonds met R1 660 200 gesustenteer het. Partikuliere Sinodes en Klassisse het die res gesustenteer.

Die aansoeke deur die kerke by die Sustentasiefonds vir 2008 was R3 874 157.00. Die Deputate het ’n bedrag van R3 314 433 goedgekeur waarvan die Sustentasiefonds met R1 800 000 gesustenteer het. Partikuliere Sinodes en Klassisse het die res gesustenteer.

Die Deputate sal aanvullend rapporteer oor die aansoeke en toekennings vir 2009.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.2.5.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

Toekennings

Oostelike Partikuliere Sinode vir 2007 en 2008 en Partikuliere Sinode Pretoria vir 2008, het sustentasie-aansoeke in hulle ressort self hanteer waarvoor ons baie dankbaar is.

Partikuliere Sinodes	2007	2008
Bosveld	17 000	75 000
Pretoria	37 000	0
Noordwes	147 700	47 000
Oostelike	0	0
OVS en Natal	537 000	602 000

Suidelike	765 500	925 000
Randvaal	156 000	151 000
Totaal	**1 660 200**	**1 800 000**

Aanbeveling

Die Sinode neem kennis van die toekennings wat gemaak is en keur die optrede van die Deputate goed.

Besluit: Goedgekeur.

Fondsinsameling

Aan al die kerke is ’n omsendskrywe gerig waarin bydraes gevra is.

Die Sinode het met dankbaarheid kennis geneem van die mooi bydraes van sommige kerke en lidmate.

Die kollektes wat kerke opgeneem het, het nie naby die riglyn van R10.00 per lidmaat per jaar gekom nie.

Aanbevelings

Die Sinode neem met groot dankbaarheid kennis van die mooi bydraes van kerke en lidmate.

Die Sinode gee opdrag aan die te benoeme Deputate om voort te gaan met fondsinsameling vir die Sustentasiefonds deur vrywillige bydraes te vra by kerke en/of instansies en/of persone.

Die Sinode keur 5 kollektes per jaar goed vir die Sustentasiefonds met as riglyn R10.00 per lidmaat per jaar.

Die Sinode versoek Klassisse om kerke aan te moedig om toesig te hou (onder andere deur visitasie) dat die goedgekeurde kollektes opgeneem word.

Besluit: Goedgekeur.

4. Opdragte

Die Sinode benoem weer Deputate volgens die Reglement om die volgende opdrag uit te voer:

Om volgens die Reglement van die Sustentasiefonds toeseggings te maak uit die rente van die fonds.

Om die Sustentasiefonds uit te bou.

Dat daar jaarliks gerapporteer word aan Klassisse, Streeksinodes en ook aan die Sinode oor die wyse waarop die sustentasie toegeken word.

Besluit: Goedgekeur.

DDDDD. AANVULLENDE RAPPORT

1. Opdrag

Die opdrag is in die Acta van 2006:283.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

Vir die stand van die Sustentasiefonds se kapitaal- en rentefonds sien die finansiële state van die Administratiewe Buro.

Aansoeke

Aansoeke is op dieselfde wyse as in die verlede behandel en beoordeel volgens die Reglement. Kerke wat aansoek doen om sustentasie, is gevra vir ’n bedieningsplan sodat die wyse waarop die kerk sy roeping wil nakom, duidelik is. Meeste kerke wat vir 2009 aansoek gedoen het, het ook ’n bedieningsplan voorgelê. Daar is indringend gekyk na kerke se bedieningsplan en dit gee ’n mooi oorsig oor die werkswyse van die kerke.

Die aansoeke deur die kerke by die Sustentasiefonds vir 2009 wat deur die Deputate behandel is, was R4 858 733. Die Deputate het ’n bedrag van R3 730 084

goedgekeur waarvan die Deputate van Partikuliere Sinodes[10] en Klassisse aangedui het dat hulle R1 314 760 kan bydra. Dit laat, nadat die beskikbare fondse in die Sustentasiefonds alles toegeken is, nog 'n tekort van R396 785. Dit beteken dat kerke net 83% van hulle aansoeke kan ontvang. Die Deputate doen 'n beroep op die Algemene Sinode om kerke op te skerp om mildelik by te dra deur hulle kollektes, sodat die tekort van R396 785 wel aan kerke gegee kan word.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.2.2.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

Toekennings

Toegeken aan Streeksinode	Totaal van aansoeke	Deel voorsien uit eie fondse	Toekenning uit Sustentasiefonds
Bosveld	150 696	114 551	36 145
Pretoria	108 000	108 000	0
Noordwes	1 004 142	537 060	467 082
Oostelike	116 325	116 325	0
Vrystaat en KwaZulu-Natal	787 059	98 825	688 234
Suidelike	1 141 571	164 999	976 572
Randvaal	422 291	175 000	247 291
Totaal	**3 730 084**	**1 314 760**	**2 715 324**

Van die toegekende bedrag, is daar net fondse vir R2 000 000 wat beteken dat 'n tekort van R715 324 bestaan. Indien die tekort wel deur kollektes en bydraes ingesamel word, sal die totale bedrag toegeken word.

3.1.1 Aanbeveling

Die Sinode keur die toekennings wat die Deputate gemaak het, goed.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 *Fondsinsameling*

3.2.1 Aan al die kerke is 'n omsendskrywe gerig waarin bydraes gevra is.

3.2.2 Die Sinode moet met dankbaarheid kennis neem van die mooi bydraes van kerke en lidmate. Sien die finansiële state vir die bedrae wat geskenk is.

3.2.3 Nie alle kerke het kollektes vir afgelope jaar opgeneem nie. Gevolglik was die inkomste uit kollektes nie naby die riglyn van R10.00 per belydende lidmaat nie.

3.2.4 Aanbevelings

3.2.4.1 Die Sinode neem met groot dankbaarheid kennis van die mooi bydraes van kerke en lidmate.

3.2.4.2 Die Sinode gee opdrag aan die te benoeme Deputate om voort te gaan met fondsinsameling vir die Sustentasiefonds deur vrywillige bydraes te vra by kerke en/of instansies en/of persone.

3.2.4.3 Die Sinode keur 5 kollektes per jaar goed vir die Sustentasiefonds met as riglyn R20.00 per belydende lidmaat per jaar. Kerke word gevra om mildelik by te dra om die tekort van R715 324 uit te wis.

3.2.4.4 Die Sinode versoek Klassisse om toe te sien (o.a. deur visitasie) dat kerke die goedgekeurde kollektes opneem en die kollektes, wat trustgelde is, stiptelik aan die Administratiewe Buro oorbetaal word.

Besluit: Punt 3.2.1 tot 3.2.4.4 word goedgekeur.

[10] Tydens die vergadering van 3-4 November 2008 was die Deputate teenwoordig dié uit die Partikuliere Sinodes, wat aan die einde van November in nuwe samestelling formeel vergader het as Streeksinodes.

17.2 RAPPORT VAN DIE BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO AAN DIE LEDE VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO (Artt 72, 73, 152, 166, 174, 177, 178, 193, 241, 248, 264, 267, 268, 270, 275, 276)

EEEEE. Die Sinode konstitueer as Ledevergadering.
FFFFF. Br LJ Kruger lewer die Rapport met verdere toeligting deur ds LH van Schaik.
GGGGG. Besluit: Die Rapport word verwys na Kommissie vir Finansies.
HHHHH. Di PJ Nel en J van Schaik rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.
IIIII. Besluit: Die opdrag en samestelling van Skakeldeputate word verwys na 'n ad hoc-kommissie. Die ad hoc-kommissie word saamgestel uit: di P Venter (s), drr FP Kruger (skriba), GJ Meijer, di PJ Venter, MA Modise, oudle BJ Kruger en J Groothof.
JJJJJ. Dr FP Kruger rapporteer namens die ad hoc-kommissie.
KKKKK. Besluit: Die saak onder bykomende akkommodasie in die Aanvullende Rapport word verwys na dr DG Breed vir herformulering.
LLLLL. Dr DG Breed stel die herformulering.

MMMMM. RAPPORT

5. Opdrag

Die volledige opdrag is in die Reglement van die Administratiewe Buro (Acta 2003:362) opgeneem. Die opdragte aan die Bestuur word in art 7 weergegee.
Staande opdragte van die Reglement is deurgaans nagekom.

Bykomende opdragte deur die Sinode gegee ('n verkorte beskrywing van die Sinode-opdragte word kursief aangegee tesame met die Acta-verwysingsnommer).

Sien toe dat die registrasie van huweliksbevestigers uit ander Nasionale Sinodes by die Administratiewe Buro, Potchefstroom gedoen word (Acta 2006:40, 2.9)
Hierdie opdrag word deurlopend deur die Administratiewe Buro uitgevoer en die register is by die Administratiewe Buro ter insae.

Besluit: Kennis geneem.

Handel sake met betrekking tot Glenzicht saam met SDDS en ander kundige Deputate af (Acta 2006:168, 5)
Die opdrag is aan die te benoeme Deputate van die SDDS gegee wat afsonderlik daaroor rapporteer.
Aanbevelings
a. Dat die finansiële beheer van alle skemas onder die beheer van die SDDS voortaan steeds onder die Bestuur van die Administratiewe Buro sal setel.
b. Dat die geouditeerde state jaarliks aan die Bestuur van die Administratiewe Buro voorgelê moet word asook aan die Ouditkomitee van die Ledevergadering.
c. Dat die Deputate skakel met die Residentia Stigting ten einde 'n samewerkingsooreenkoms daar te stel en/of kundigheid te bekom.

Besluit: Goedgekeur. Kyk besluit by Rapport van Sinodale Deputate vir Diakonale Sake – 14.1.

Die nuwe te benoeme Trustees moet aandag gee aan die formule waarvolgens die Administratiewe Buro deur die Predikante Pensioenfonds vergoed word, aangesien vergoeding per transaksie behoort te geskied en nie volgens persentasie van gelde wat hanteer word nie (Acta 2006:262)
Navorsing het getoon dat daar nie norme in die praktyk bestaan waar 'n diensverskaffer vergoeding per transaksie in die pensioenfondsbedryf eis vir dienste gelewer nie. Daar is wyd gekonsulteer oor die saak. Die antwoord waarvoor telkens te staan gekom word, was dat die administrasie om rekord van elke individuele transaksie te hou, nie die koste daarvan regverdig nie. Die Trustees het die Administratiewe Buro versoek om 'n gedetailleerde kwotasie te maak ten opsigte van die koste van hantering van al die fondse en 'n nuwe diensvlakooreenkoms is met die Trustees aangegaan. Die Trustees het hierdie reëling aanvaar.

Implementeer die Kingverslag se bepalings, waar van toepassing (Acta 2006:294, 7.10)

Die bepalings van die Kingverslag is verwerk om van toepassing op die aktiwiteite van die Administratiewe Buro as ’n besigheidseenheid te wees. Die dokument is aan die Bestuur van die Administratiewe Buro voorgelê en geëvalueer. Dit is ook op die intranet van die Administratiewe Buro geplaas sodat dit sigbaar vir alle personeellede is. Die verslag is in wese ’n kode waarvolgens goeie orde en beheer nagestreef word. Dit is die Bestuur se mening dat die Reglement van die Administratiewe Buro die belangrikste bepalings daarin vervat.

Bou die Pro Reformando Trust saam met Kuratore uit (Acta 2006:300, 4.8)

Die Pro Reformando Trust is opgerig met die oogmerk om fondse te verskaf vir studie en navorsing vanuit Christelike perspektief onder leiding van die Fakulteit Teologie of ’n afdeling wat vir die doel opgerig is aan ’n universiteit van ’n openbare aard (vgl. 7.1 van Trustooreenkoms). In aansluiting hierby is die oogmerk om geld as bydraes in te samel, of skenking (bv erflatings) te ontvang en dit, of die inkomste daarvan, vir die oogmerke in paragraaf 7.1 van die Trustakte aan te wend.

Die Trustees word aangewys uit alumni van die Noordwes Universiteit (3); drie (3) Trustees aangewys deur die Administratiewe Buro van die GKSA op aanbeveling van die Kuratore (vir die huidige termyn dr HG Stoker, di PJ van der Walt en EJ Tiemensma); drie (3) deur die Senaat van die TSP en ’n finansiële kundige (1) deur die Trustees aangewys.

Ten opsigte van die verdeling van fondse word die skenking van die GKSA vir beurse aan teologiese studente en die skenking van die NWU vir navorsing aangewend.

Finansiële state, ooreenkomstig aanvaarde rekenkundige beleid, word jaarliks by die Trustees ingedien. Die state bied ’n oorsig oor inkomstes uit skenkings ontvang (van die GKSA, die NWU en uit die spaarrekening en rente), asook uitgawes. Die opgehoopte fondse staan vir die jaar geëindig op 31 Desember 2007 op R5,22 miljoen. In die geheel genome beteken dit ’n groei van R154 000.

Die Trustees, aangewys deur Administratiewe Buro op aanbeveling van die Kuratore, sien toe dat die Pro Reformando Trust ooreenkomstig die Trustooreenkoms se oogmerke (paragraaf 20) bestuur, bedryf en uitgebou word, naamlik: “om te enige tyd toevoegings tot die kapitaal van die trust te maak, hetsy by wyse van skenking, bemaking of op enige ander wyse met dien verstande dat alle toevoegings onderhewig aan die terme en voorwaardes van die akte van die Trust is” (20.1, 20.2 en 20.3 van Trustakte).

Begroot vir die 150-jarige fees (Acta 2006:301, 4)

Hieroor sal in die Aanvullende Agenda verslag gedoen word.

Handel Reglement van die Dankbaarheidsfonds teen 31 Maart 2006 af, implementeer en doen fondsinsameling (Acta 2006:302, 7)

Die Reglement is afgehandel en aan die Regsdeputate deurgegee. Terugvoering is nog nie van hulle ontvang ten tye van die skrywe van hierdie Rapport nie. Indien dit betyds ontvang word, sal die Reglement in die Aanvullende Agenda geplaas word.

Besluit: Kennis geneem van 1.2.3 tot 1.2.7.

Handel die Reglement van die Administratiewe Buro en plaaslike kerke saam met die Regsdeputate af vir terugvoering gedurende November (Acta 2006:299, 3.1)

Die Reglement is hersien om te voldoen aan die vereistes wat gestel word vir die registrasie van ’n nie-winsgewende onderneming. Dit is aan die Regsdeputate vir evaluering voorgelê. Die Reglement is ook by die Departement Maatskaplike Ontwikkeling as “konstitusie” ingedien om die Administratiewe Buro as ’n nie-winsgewende onderneming te registreer. Die aansoek was suksesvol en ’n registrasiesertifikaat is aan die Administratiewe Buro toegeken met die verwysingsnommer NPO 055-665. Die gewysigde Reglement volg hieronder.

Besluit: Kennis geneem.

[Wysigings teenoor die vorige Reglement word aangetoon deur woorde wat verwyder is deur te haal en nuwe woorde wat ingevoeg is met vet letters aan te dui. Die Reglement se eie nommervolgorde word gebruik.]

REGLEMENT VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO VAN DIE ~~GKSA~~ 9 GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

1. WOORDBEPALING

In hierdie Reglement het die volgende woorde die onderstaande betekenisse:

1.1 Die ~~Administratiewe Buro~~ **naam van die organisasie wat in hierdie reglement beskryf word is**: Die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika**, afgekort na Administratiewe Buro, of Administratiewe Buro GKSA.**

1.2 Kerke: Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat in ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode saamkom.

1.3 Lede: Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat in ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode saamkom.

1.4 Meerdere vergadering: 'n Klassis, Streeksinode of ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

1.5 ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode: 'n ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

1.6 Teologiese Skool: Die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir opleiding van predikante op Potchefstroom.

~~1.7 SDDS: Sinodale Deputate vir Diakonale Sake~~

2. OPRIGTING

2.1 Die Administratiewe Buro is 'n regspersoon, **naamlik 'n Organisasie Sonder Winsoogmerk (ingevolge Wet 71 van 1997).**

2.2 Die Administratiewe Buro is vir inkomstebelastingdoeleindes 'n Openbare Weldaad-organisasie en ressorteer vir vrystelling van inkomstebelasting ingevolge artikel 18A van die Inkomstebelastingwet, No. 58 van 1962, onder paragraaf 5 a): "Godsdiens, Geloof of Filosofie: Die bevordering of beoefening van godsdiens wat dade van aanbidding, getuienis, onderrig en gemeenskapsdiens insluit, gebaseer op geloof in God."

2.3 Die samestelling, regte, bevoegdhede, verpligtinge en funksies word hieronder uiteengesit.

3. REGSPERSOONLIKHEID

3.1 Die Administratiewe Buro het die bevoegdheid om regte en verpligtinge te hê, te verwerf, te vervreem of oor te dra afsonderlik van die regte en verpligtinge van die lede daarvan en is as sodanig bevoeg om:

3.1.1 eiendom, roerend of onroerend, te verwerf, te besit en te vervreem;

3.1.2 enige en alle ooreenkomste te sluit en regshandelinge aan te gaan wat nie met die doelstellings en funksies daarvan strydig is nie;

3.1.3 as party in regsgedinge op te tree en

3.1.4 sodanig in die regsverkeer op te tree as wat nodig mag wees om die doelstellings en funksies daarvan te vervul.

3.2 Geen bates van die Administratiewe Buro mag op enige wyse hoegenaamd onder lede of werknemers verdeel word nie, en dit mag alleen vir die bevordering van die doelstellings en die uitvoering van die funksies daarvan aangewend word.

3.3 Die Administratiewe Buro bly voortbestaan ongeag die wisseling van die lede daarvan.

3.4 Die *domicilium citandi et executandi* van die Administratiewe Buro is:
Die Administratiewe Buro, ~~is op Potchefstroom gevestig.~~ h/v Meyer- en Molenstraat, Potchefstroom, 2531.

3.5 Posadres: Posbus 20004, Noordbrug, 2522.

3.6 Telefoonnommer: 018 297 3986

3.7 Faksnommer is: 018 293 1042

3.8 E-pos: direkteur@gksa.co.za
3.9 Inligting oor lede: www.gksa.org.za

4. DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die Administratiewe Buro is die volgende:

4.1 Die administrasie van gemeenskaplike en gesamentlike bates en fondse van die lede;

4.2 Die verlening van hulp en bystand aan Deputate wat van tyd tot tyd vir verskeie doeleindes deur ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode aangewys word, met die behartiging en/of afhandeling van sodanige Deputate se opdragte en funksies;

4.3 Die verlening van advies en bystand aan lede met betrekking tot bestuur, administrasie en finansies, in welke gevalle, en indien nodig, die betrokke meerdere vergadering daaroor ingelig sal word;

4.4 Die administrasie en beskikbaarstelling van publikasies wat op las van die ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode uitgegee word;

4.5 Om vir en namens Trustees, Bestuurders of Deputate aangewys deur ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinodes die administrasie van bates van trusts, stigtings en fondse geskep vir en ten behoewe van die lede te administreer sonder om aan die bevoegdhede, verpligtinge en verantwoordelikhede van sodanige Trustees, Bestuurders of Deputate afbreuk te doen;

4.6 Die uitvoering van sodanige verpligtinge en opdragte as wat van tyd tot tyd deur ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode aan die Administratiewe Buro opgedra mag word;

4.7 Die verspreiding en verkoping van boeke en lektuur vir godsdienstige doeleindes en kerklike skryfbehoeftes, vorms en kennisgewings;

4.8 Die verkryging en reëling van groep – en ander versekering/assuransie vir die lede en hulle lidmate.

4.9 Die gemeenskaplike eiendomme van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te bestuur, in stand te hou, te verhuur en te verwerf en selfs te vervreem ten behoewe van die lede.

5. LEDE EN LEDEVERGADERINGS

5.1 Al die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is lede van die Administratiewe Buro en word dit by stigting van sodanige kerke.

5.2 Die gedeputeerdes van lede wat in **die** ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode~~s~~ sitting het, kom by elke ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode in Ledevergadering byeen.

5.3 Die Ledevergadering is bevoeg en verplig om:

5.3.1 die Bestuur van die Administratiewe Buro aan te wys;

5.3.2 'n Ouditkomitee aan te wys wat sal bestaan uit uitvoerende bestuurslede en twee onafhanklike nie-bestuurlede;

5.3.3 die Bestuur, personeel en funksionarisse van die Administratiewe Buro tot verantwoording te roep ten aansien van die uitvoering van hulle pligte en verantwoordelikhede;

5.3.4 die werksaamhede en uitvoering van die doelstellings van die Administratiewe Buro te bepaal;

5.3.5 die verslae van die Bestuur van die Administratiewe Buro aan te hoor en en daaroor besluite te neem;

5.3.6 sodanige sake van die Administratiewe Buro af te handel as wat deur die Bestuur na die Ledevergadering verwys word;

5.3.7 sodanige opdragte aan die Bestuur te gee as wat in die lig van die Administratiewe Buro se doelstellings nodig mag wees;

5.3.8 oor die algemeen enige besluit te neem wat vir die behoorlike uitvoering van die doelstellings van die Administratiewe Buro nodig mag wees;

5.3.9 hierdie Reglement te wysig indien nodig.

5.4 Die Voorsitter van die Moderamen van 'n ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode soos van tyd tot tyd aangewys, tree as Voorsitter van die Ledevergadering op.

5.5 Die vergaderingsprosedure, kworumvereistes en besluitnemingsprosedure van die Ledevergadering is dieselfde as wat vir die ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode geld.

6. BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO

6.1 Die Bestuur bestaan uit ~~9 (nege)~~ **10 (tien)** lede en word soos volg saamgestel:

6.1.1 **8 (agt)** bestuurslede wat deur die Ledevergadering aangewys word, **asook 2 (twee) personeellede van die Administratiewe Buro, naamlik**

6.1.2 die Direkteur ~~van die Administratiewe Buro~~ **en die Adjunk-direkteur van die Administratiewe Buro.**

6.2 By die aanwysing van die Bestuur van die Administratiewe Buro is dit noodsaaklik dat die **lede oor bewese bestuurservaring beskik en moet** die ~~ledevergadering~~ volgende riglyne **ge**volg **word**:

6.2.1 een van die bestuurslede moet 'n kurator van die Teologiese Skool wees;

6.2.2 een van die bestuurslede moet terselfdertyd 'n dienende trustee van die Emeritaatsversorgingstrust wees ~~en word~~ **wat** deur die Ledevergadering van die Emeritaatsversorgingskombinasie (EVK) ~~aangewys~~ **benoem word**;

6.2.3 een van die bestuurslede moet terselfdertyd 'n Deputaat van die ~~SDDS~~ **Skakeldeputate** van die ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode wees;

6.2.4 **ten minste** een van die bestuurslede moet ~~terselfdertyd 'n deputaat vir Publikasies van die Nasionale **Algemene** Sinode wees~~ **in of naby Potchefstroom woon om op die eiendomskomitee te dien (9.1.1)**;

6.2.5 een van die bestuurslede moet verkieslik 'n finansiële kundige (verkieslik met 'n GR SA kwalifikasie) wees;

6.2.6 een van die bestuurslede moet verkieslik 'n ~~bestuurskundige~~ **rekenaar- en stelselskundige** wees;

6.2.7 een van die bestuurslede moet verkieslik 'n regskundige wees;

6.2.8 een van die bestuurslede moet verkieslik 'n menslike hulpbronkundige wees.

6.2.9 Ter wille van kontinuïteit behoort ten minste drie bestuurslede (uitgesonder die direkteur **en Adjunk-direkteur**) uit die vorige termyn herbenoem te word;

6.2.10 Sekundi moet vir die bestuurslede aangewys word uitgesonder die Direkteur **en die Adjunk-direkteur.**

6.3 Die Ledevergadering wys 'n voorsitter aan en die ondervoorsitter word deur die bestuur gekies.

6.4 Die Direkteur **of Ajunk-direkteur** van die Administratiewe Buro is die Sekretaris van die Bestuur.

6.5 Die Bestuur behartig die sake van die Administratiewe Buro en is teenoor die Ledevergadering verantwoording verskuldig vir die uitvoering van hulle pligte en verantwoordelikhede.

6.6 Vergaderings van die Bestuur

6.6.1 Die Bestuur van die Administratiewe Buro vergader so dikwels as wat dit nodig mag wees om die sake van die Administratiewe Buro behoorlik te bestuur, maar minstens driemaal per jaar.

6.6.2 Enige bestuurslid kan 'n vergadering van die Bestuur oproep.

6.6.3 Die kworum vir 'n bestuursvergadering is vyf lede.

6.6.4 Besluite word met 'n gewone meerderheid van stemme geneem op die wyse en volgens die prosedure deur die voorsitter bepaal.

6.6.5 By staking van stemme het die voorsitter nie 'n beslissende stem nie.

7. BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN DIE BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO

7.1 Bevoegdheid en verantwoordelikheid

7.1.1 Die Bestuur van die Administratiewe Buro hou toesig en oefen beheer uit oor al die werksaamhede van die Administratiewe Buro (vgl. 8). Sonder om van sy oorspronklike bevoegdhede en verantwoordelikhede afstand te doen, kan die Bestuur van die Administratiewe Buro volgens sy diskresie aan persone hieronder genoem sekere take en opdragte delegeer:

7.1.2 Die Bestuur van die Administratiewe Buro het verder die bevoegdheid om kundige advies in te win.

7.2 Personeel

7.2.1 Die Bestuur stel ’n direkteur van die Administratiewe Buro aan en bepaal sy diensvoorwaardes.

7.2.2 Die Bestuur bepaal deurlopend die personeelbehoeftes van die Administratiewe Buro, stel geskikte persone aan en bepaal hulle diensvoorwaardes.

7.2.3 Die Administratiewe Buro is bevoeg om personeel aan te stel en aan die Deputate van die Algemene Sinode te sekondeer [*Hierdie bepaling (7.2.3) het uitgeval met die vorige hersienings van die Reglement*]

7.2.4 Die Bestuur van die Administratiewe Buro hanteer alle personeelaangeleenthede ooreenkomstig die bepalings van relevante wetgewing.

7.2.5 Die Bestuur neem ’n getrouheidswaarborgpolis uit ter versekering van aanspreeklikheid vir verliese wat uit hantering van fondse deur die personeel van die Administratiewe Buro mag voortspruit. Die koste daarvan word uit die gelde van die Administratiewe Buro betaal.

7.3 Finansies

7.3.1 Die Bestuur beheer en administreer die gelde van die Administratiewe Buro.

7.3.2 Die Bestuur stel begrotings op of keur begrotings van Deputategroepe goed en raam daarvoor (Acta 1997:402, 3.3.4.4).

7.3.3 Die Bestuur hou toesig oor en administreer al die fondse en gelde wat reeds deur die ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode aan die Administratiewe Buro vir administrasie toegewys is.

7.3.4 Die Bestuur vorder sodanige gelde van die kerke in as wat hulle kragtens begrotings of besluite van die ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode tot gemeenskaplike sake moet bydra.

7.3.5 Die finansiële jaar van die Administratiewe Buro eindig elke jaar op 30 Junie.

7.4 Beheer en administrasie van eie fondse.

7.4.1 Die Bestuur open sodanige bankrekenings as wat dit in sy diskresie nodig mag ag.

7.4.2 Die Bestuur is gemagtig om oor die algemeen sodanige uitgawes aan te gaan as wat vir die behoorlike uitvoering van die doelstellings en funksies van die Administratiewe Buro nodig is.

7.5 Administrasie van fondse en gelde van Deputate van die ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode.

7.5.1 Die Bestuur mag uitbetalings namens Deputate van die ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode~~s~~ doen alleen na skriftelike opdrag daartoe deur sodanige Deputate.

7.5.2 Uitbetalings deur die Bestuur namens Deputate van die ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode~~s~~ word slegs uit fondse en gelde waaroor sodanige Deputate beskik en slegs binne die perke van sodanige geldelike voorsiening gedoen.

7.5.3 Die Bestuur het geen seggenskap oor die doeleindes waarvoor Deputate van ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode~~s~~ fondse en gelde aanwend nie.

7.5.4 Deputate van ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode~~s~~ is verplig om self oor die besteding van hulle fondse en gelde aan ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode~~s~~ verslag te doen. Die Bestuur van die Administratiewe Buro is nie daarvoor verantwoordelik nie, behalwe binne die bestek van sy administrasie daarvan.

7.5.5 Die Bestuur vergoed uitgawes aangegaan deur Deputate van ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode~~s~~ aan hulle uit fondse en gelde van sodanige Deputate, maar sodanige vergoeding geskied slegs by voorlegging van gespesifiseerde rekenings wat deur een van die Deputate onderteken is.

7.6 Algemene administrasie van fondse en gelde van ’n ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode.

7.6.1 Die Bestuur stel ’n begroting op of keur begrotings goed en administreer die begrotings asook fondse en gelde deur ’n ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode bewillig.

7.6.2 Die Bestuur betaal fondse en gelde uit in ooreenstemming met die begroting(s) wat goedgekeur is.

7.6.3 Die Bestuur is bevoeg om uitbetalings uit sinodale fondse en gelde te maak vir doeleindes wat nie vooraf deur ’n ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode goedgekeur is nie, maar die Bestuur is daarvoor verantwoording aan die volgende ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode verskuldig.

7.6.4 Die Bestuur kan Deputate van die ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode magtig om die bedrag aan sodanige Deputate kragtens begroting(s) deur die Bestuur goedgekeur, te oorskry. Sodanige magtiging mag slegs verleen word nadat ’n skriftelike aansoek van die betrokke Deputate ontvang is waarin motivering vir sodanige oorskryding uiteengesit is en wat

mede-onderteken is deur die voorsitter of skriba/sekretaris.

7.7 Kontantbestuur

7.7.1 Die fondse wat deur die Bestuur van die Administratiewe Buro hanteer word se doeleindes is grootliks van ’n korttermyn aard, met ander woorde die belangrikste doel is om verpligtinge na te kom en daarvoor is ’n konstante kontantvloei op ’n maandelikse basis nodig.

7.7.2 Die ramings, kollektes en bydraes moet so geadministreer word dat die kontantvloei vir verpligtinge op ’n maandelikse basis voldoende is. Daarom behoort die fondse by die vyf grootste finansiële instellings op depositofasiliteite wat wissel van aanvraagdeposito’s, vaste deposito’s, korttermyn geldmark- en kapitaalmarkinstrumente en –fondse belê te word. ’n Kommissie van die Bestuur hanteer die daaglikse kontantbestuur.

7.7.3 Fondse wat vir ’n langer termyn bestem is, moet op dieselfde wyse as 7.8.2 hierbo hanteer word behalwe dat langtermyn geld- en kapitaalmarkinstrumente vir hierdie doel aangewend kan word.

7.7.4 Die Bestuur lê van tyd tot tyd ’n mandaat neer waarvolgens sodanige kontantbeleggings gedoen moet word, met inagneming van die finansiële markte en met heroorweging van die finansiële instellings op ’n jaarlikse basis.

7.7.5 Die Direkteur lewer op elke bestuursvergadering verslag van die stand van alle fondse en waar die fondse geplaas is.

7.7.6 Die Administratiewe Buro is ook in diens van verskillende Trustees of fondse en plaas die fondse in opdrag van hierdie Trustees in bates volgens neergelegde beleid soos voorgeskryf deur die Trustees.

7.7.7 Alle rekeninge en fondse word jaarliks geoudit.

7.7.8 Geen beleggings word op ‘n kommissiebasis gemaak nie.

7.7.9 Die Bestuur neem, met die goedkeuring van Deputate en Trustees of Bestuurders waar nodig, ooreenkomstig die neergelegde mandaat, besluite oor kontantbeleggings.

7.8 Roerende en onroerende eiendom

7.8.1 Die Bestuur behartig die beheer, toesig en onderhoud van alle eiendomme en geboue wat vir daardie doel deur die ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode aan die Administratiewe Buro toegewys is.

7.8.2 Die Bestuur beheer, hou toesig oor, verskaf en vervang meubels en toebehore wat nodig is vir gebruik deur die Administratiewe Buro, die Teologiese Skool en vir ander doeleindes deur ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode bepaal.

7.8.3 Die Bestuur verhuur beskikbare akkommodasie, stel voorwaardes en kontrakte daarvoor op en oefen beheer daaroor uit.

7.8.4 Ten aansien van enige besluite wat betrekking het op die geboue, meubels en toerusting wat deur die Teologiese Skool gebruik word, moet die Bestuur vooraf met die Kuratore van die Teologiese Skool oorleg pleeg.

7.8.5 Die Bestuur moet minstens een keer ’n jaar opnames van voorrade, toerusting, boeke en publikasies doen.

7.8.6 Om die bestuur en beheer van eiendomme te behartig, word ’n eiendomskomitee aangewys (kyk art. 9).

7.8.7 Die Administratiewe Buro is die eienaar van die Jan Lion-Cachet-Biblioteek, waarvan die boekery verkry is uit fondse en gelde wat deur die Algemene Sinode bewillig is vir die aanskaffing van teologiese boeke en publikasies, waartoe die Noordwes-Universiteit se Ferdinand Postma-biblioteek ook bygedra het, en waarvan afsonderlik rekord gehou word oor watter boeke en publikasies aan die GKSA behoort en watter deur die NWU befonds is. [*Hierdie bepaling, 7.8.7, het uitgeval met die vorige hersienings van die Reglement*]

7.9 Mandate

7.9.1 Die Bestuur moet duidelike mandate stel en indien nodig hersien. Hierdie mandate handel oor relevante sake wat die volgende kan insluit: besteding ten opsigte van kapitale uitgawes aankope lenings handtekeningmagtigings en wat nodig mag wees.

7.10 Ontbinding

Die Administratiewe Buro ontbind as minstens twee-derdes van sy stemgeregtigde

lede (kyk 1.3) vir dié doel byeengekom het en ten gunste van 'n besluit is om die Administratiewe Buro te ontbind.

7.11 Indien die Administratiewe Buro ontbind, is dit verplig om alle skulde af te betaal. Nadat alle skulde gedelg is, en daar is nog enige eiendom en geld oor, mag dit nie aan lede van die Administratiewe Buro gegee of betaal word nie. Dit moet aan 'n ander soortgelyke organisasie in die Gereformeerde kerkverband gegee word wat dieselfde doelstellings het. Die Algemene Sinode bepaal wie hierdie organisasie sal wees.

8. WERKSAAMHEDE VAN DIE DIREKTEUR EN DIE PERSONEEL

Onder beheer en toesig van die Bestuur van die Administratiewe Buro moet die Direkteur en personeel van die Administratiewe Buro alle opdragte, take en pligte soos vasgestel en besluit deur die ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode en Ledevergadering, en wat mag voortvloei uit die Reglement, uitvoer. Geen individu, Deputaatgroep of Kerkraad het die bevoegdheid om buite die Bestuur van die Administratiewe Buro om opdragte of take aan die Direkteur of enige personeellid van die Administratiewe Buro op te dra nie.

9. EIENDOMSKOMITEE

9.1 Lede van Eiendomskomitee

9.1.1 Die Bestuur wys uit eie geledere twee lede aan wat in of na aan Potchefstroom woonagtig is, om saam met die Direkteur as Eiendomskomitee te dien.

9.1.2 Die Bestuur versoek die Kuratore en die Kerkraad van Potchefstroom-Noord om elk twee lede aan te wys wat deur die Eiendomskomitee gekoöpteer kan word vir soverre sy werksaamhede die TSP en/of die GK Potchefstroom-Noord raak.

10 KOMMUNIKASIE AAN DIE KERKVERBAND

Behalwe vir die driejaarlikse verslag aan die Ledevergadering, word daar op die volgende wyse finansiële state en relevante inligting aan die kerkverband gekommunikeer:

10.1 Elke ~~Part Sinode~~ **Streeksinode**, Klassis **en/of** Kerkraad wys 'n kundige persoon aan, wat een keer per jaar saam met die Bestuur op eie koste vergader. Hierdie verteenwoordigers sal behulpsaam wees met kommunikasie tussen Kerke en die Administratiewe Buro oor finansiële sake.

10.2 Hierdie verteenwoordigers sal jaarliks tydens die vergadering van die GKSA se Sustentasiedeputate, (met behulp van finansiële state) ingelig word oor die finansiële sake wat die Administratiewe Buro in die totale kerkverband hanteer.

11 DIE OUDITKOMITEE:

11.1 Moet verslag lewer aan die jaarlikse vergadering waar die ~~Part Sinodes~~ **Streeksinodes** se afgevaardiges teenwoordig is. Verwys 10.1 en 10.2 hierbo.

11.2 Moet 'n werkswyse saamstel wat vir goedkeuring aan die Ledevergadering voorgelê moet word.

11.3 Die Ouditkomitee moet verslag lewer aan die **Algemene** Sinode tydens die Ledevergadering.

12 CREDO

12.1 Die Bestuur oefen al sy bevoegdhede, verpligtinge en werksaamhede in die lig van die Skrif en op so 'n wyse uit dat dit deursigtig is en verantwoordbaar is ten opsigte van alle landswette.

13 WYSIGING VAN DIE REGLEMENT

Hierdie Reglement kan slegs gewysig word deur 'n besluit van die Ledevergadering tydens die sitting van 'n ~~Nasionale~~ **Algemene** Sinode.

Einde van die reglement

Sake waaroor die Sinode moet besluit

Dat die Reglement gewysig word soos aangedui, sodat dit aan die kontitusievereistes van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling voldoen.

Besluit: Kennis geneem dat die Regsdeputate nog besig is met hulle werk en dat dié kommentaar op die Reglement nog afgewag word.

Reglement van plaaslike kerke van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Aanbeveling: Die Reglement word verwys na die Bestuur van die Administratiewe Buro in samewerking met die Regsdeputate om af te handel, aangesien daar nie ingrypende veranderings is nie.

Die Reglement van plaaslike kerke van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is afgehandel en aan die Regsdeputate voorgelê. Die Regsdeputate het die Bestuur van die Administratiewe Buro geadviseer om nie die reglement te implementeer nie, en om nie voort te gaan met die registrasie van plaaslike kerke by die Departement van Maatskaplike ontwikkeling nie, omdat plaaslike kerke vrygestel is van inkomstebelasting.

Besluit: Goedgekeur dat die aanbeveling vir afhandeling in die Rapport nie aanvaar word nie. Motivering: Die Regsdeputate se advies dui so aan en die saak kan voldoende gedien word deur dit oor te laat aan die Administratiewe Buro in samewerking met die Regsdeputate soos en wanneer nodig.

Doen indringende ondersoek en bepaal 'n formaat vir die kerklike tydskrifte saam met die Deputate Kerklike Tydskrifte (Acta 2006:299, 3.3.1.5)

Sien die afsonderlike Rapport van die Deputate Kerklike Tydskrifte. Die Bestuur het verskeie kere met die Deputate vergader en die opdrag is telkens ter tafel geneem.

<u>Aanbeveling</u>

Dat Studiedeputate aangewys word met die volgende opdragte:

a. om marknavorsing te doen vir die daarstelling van een gesinstydskrif in die plek van die individuele tydskrifte;
b. dat bemarking van hierdie tydskrif ook in die ope mark oorweeg moet word;
c. dat alternatiewe verspreidingsmetodes ondersoek moet word om verspreidingskoste te bespaar;
d. dat oor die formaat van tydskrifte besin word sodat dit toeganklik is vir alle gelowiges, nie net vir Gereformeerdes nie;
e. dat hierdie Deputate afhandelingsbevoegdheid het nadat oorleg met die Bestuur van die Administratiewe Buro gepleeg is oor die finansiële implikasies van die voorstelle.

Besluit: Goedgekeur dat die opdrag gekontinueer word met inagneming van die volgende:

a. Marknavorsing gedoen word oor die toekoms van Kerklike Tydskrifte.
b. Die aanbevelings b, c, d van die Rapport so aanvaar word.
c. Ondersoek gedoen word na die moontlikheid om die Kerklike Tydskrifte elektronies beskikbaar te stel.
d. Die Bestuur van die Administratiewe Buro en die Deputate Kerklike Tydskrifte afhandelingsbevoegdheid het, in die lig van die resultate van die navorsing.

Ken beurse aan voornemende studente vir die Pro Ecclesia Beursfonds toe en stuur jaarliks 'n brief aan Kerkrade om bydraes vir die fonds aan te vra (Acta 2006:299, 3.5)

Die opdrag is aan die Administratiewe Buro gegee om die administrasie van die Pro Ecclesia Beursfonds volgens die bepalings van die Sinode-opdrag (Acta 2000:354, 3.2 en 2003:438, 2.2.6.2.2) te behartig. Briewe is jaarliks gedurende Augustus vanaf 2006 aan alle kerke in die kerkverband uitgestuur om voornemende studente uit te nooi om van die Pro Ecclesia-lening gebruik te maak. Weens swak reaksie is daar ook jaarliks 'n opvolgbrief gedurende November of Desember in die kerkverband uitgestuur om meer aansoeke te werf. Volgens 'n projeksie wat vooraf uitgewerk is, kon daar aanvanklik aan 10 studente in hulle finale jaar 'n lening van R10 000 elk toegeken word. Gedurende 2007 is lenings van R10 000 elk aan sewe onderwysstudente toegeken.

Tydens 2008 is agt aansoeke ontvang, waarvan twee nie gekwalifiseer het nie. By hierdie geleentheid is in die brief aan Kerkrade gemeld dat studente in hulle tweede tot finale jaar in enige studierigting aansoek kan doen, mits hulle aan die NWU studeer. Twee toekennings van R12 500, twee van R15 000 en twee van R20 000 elk, is gemaak. Vyf van hierdie studente wou hulleself in 'n onderwysrigting bekwaam terwyl een in die regte studeer.

Heelwat telefoniese navrae is elke jaar oor die Pro Ecclesia Beursfonds ontvang, veral van eerstejaarstudente. Sodra lidmate egter meegedeel word dat die Reglement bepaal dat die toekenning 'n lening is en nie 'n beurs sonder verpligting nie, was daar nie verdere belangstelling nie. Lidmate het ook gemeld dat dit vir hulle 'n probleem is dat die lening net vir studente beskikbaar is wat by die NWU studeer. Sommige lidmate en Kerkrade wat baie ver van die NWU af geleë is, het aangedui dat hulle om hierdie rede ook nie bereid is om bydraes vir die Pro Ecclesia Beursfonds te gee nie.

Die huidige bedrag wat beskikbaar is vir lenings in 2009, beloop nagenoeg R440 000. Volgens beplanning sal voornemende eerstejaarstudente vanaf 2010 ook aansoek kan doen vir beurslenings uit die fonds.

Besluit: Kennis geneem van 1.2.11.1 tot 1.2.11.4.

Sake waaroor die Sinode moet besluit

Aanbeveling

a. Dat die hantering van die Pro Ecclesia Beurslening in die toekoms onder die funksies van die Bestuur van die Administratiewe Buro val.

Besluit: Goedgekeur.

b. Dat die Reglement herskryf word om onder andere vir studente in enige studierigting aan al die erkende Suid Afrikaanse tersiêre inrigtings te voorsien.

Besluit: Goedgekeur dat die aanbeveling nie aanvaar word om studente in enige studierigting te voorsien nie. Motivering: Die dringende noodsaak vir Gereformeerde onderwys vereis dat onderwysstudente voorkeur behoort te geniet.

c. Dat voortgegaan word om jaarliks een verpligte kollekte vir die Pro Ecclesia Beursfonds in te samel.

Besluit: Goedgekeur.

d. Dat dit duidelik gestel word dat studente van Aros en ander opvoedkunde-geakkrediteerde instansies ook vir toekennings uit die fonds in aanmerking kan kom.

Besluit: Goedgekeur.

e. Dat die naam van die Pro Ecclesia Beursfonds verander word na die Pro Ecclesia Studiefonds.

Besluit: Goedgekeur – met wysiging dat die naam verander word na Pro Ecclesia Studieleningsfonds.

Samel verpligte kollektes, soos opnuut bepaal deur die Sinode, in (Acta 2006:303, H)

Probleem

Kerke betaal nie gereeld kollektes wat gevorder is en bedrae wat deur lidmate bygedra word vir spesifieke doeleindes, aan die Administratiewe Buro oor nie. Redes hiervoor is onder andere traagheid en gevalle waar sommige kerke nie die nodige kontantfondse beskikbaar het om die nodige oorbetalings te doen nie, omdat hierdie kollektes vir ander bedieningsuitgawes aangewend word. Daar is selfs kerke wat geen oorbetalings in 'n jaar doen nie. Hierdie fondse verteenwoordig eintlik "trustfondse" wat van lidmate vir spesifieke instansies en doeleindes ingesamel word. Hierdie bedrae behoort dus so gou moontlik aan die Administratiewe Buro oorbetaal te word en aangewend te word.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

Dat opdrag aan alle gemeentes gegee word dat kollektes en spesifieke bydraes in 'n aparte bankrekening gedeponeer word.

Motivering

Hierdie rekening het ten doel dat kollektes en spesifieke bydraes wat gevorder word, nie vermeng word met die kerke se eie fondse nie. Hierdie kollektes moet minstens maandeliks uit hierdie rekening oorbetaal word aan die betrokke begunstigdes. Klassisse moet 'n staande punt op die Agenda plaas om toe te sien (KO, art 44) dat kerke in die Klassisse wel afsonderlike bankrekenings vir dié doel hou en maandeliks oorbetalings daaruit doen.

Besluit: Goedgekeur dat die aanbeveling nie aanvaar word nie.

Die Administratiewe Buro moet Klassisse en gemeentes jaarliks skriftelik versoek om kollektes stiptelik oor te betaal.

Dat Klassisse versoek word om kerke in elke onderskeie Klassis se ressort aan te moedig om aan hierdie ernstige versoek aandag te gee deur die Skrifbeginsel van rentmeesterskap toe te pas en in ag te neem dat gelde deur kollektes ingesamel word, in wese trustgelde is.

Implementeer 'n kerkbestuurstelsel (elektronies) om:

a. *Insameling van verpligte kollektes te moniteer*
b. *Debiteure t.o.v. tydskrifte en boeke te moniteer (Acta 2006:303, H 2006:300, 4.7)*

Agtergrond

Sinode 2006:K168-172, 2de Rapport Kom Fin

Die Administratiewe Buro moet as diensorganisasie 'n elektroniese databasis skep waar gemeentes periodiek inligting via die Internet verskaf. Die volgende inligting word benodig om die neigings en tendense van die statistiek te monitor en planne te evalueer: Beperkte finansiële inligting; Demografiese inligting; EVT-inligting.

Bevinding

Hierdie opdrag kan tweeledig aangepak word, naamlik deur 'n databasis te skep wat via die Internet van die kerke se kant af met inligting voorsien word, en deur 'n databasis te skep met inligting wat van die Administratiewe Buro se kant af met inligting voorsien word. Vergaderings is met die Deputate Internet oor die saak gehou en daar is besluit om as vertrekpunt beide benaderings te volg. Die sukses en integriteit van die uiteindelike databasis sal bepaal word deur die data-invoere uit beide bronne. Daar is ook aanvaar dat dit redelik lank kan neem om 'n betroubare gekonsolideerde databasis uit die twee bronne saam te stel. Die Deputate Internet doen afsonderlik verslag in hulle Rapport oor die vordering wat met die eersgenoemde benadering behaal is. Ten einde uitvoering aan die opdrag te gee, het die Administratiewe Buro sy opdrag vir die termyn gesien as die skepping van 'n elektroniese kerkbestuurstelsel om onder andere:

a. Die insameling van verpligte kollektes te moniteer.
b. Die debiteure van tydskrifte en boeke te moniteer.
c. Die mikpunt daar te stel om inligting met kerke te kommunikeer.

Verslag

'n Ondersoek is gedoen van al die elektroniese stelsels wat deur die Administratiewe Buro gebruik word om vas te stel hoe daar aan die opdrag van die Sinode uitvoering gegee kan word. Uit die ondersoek het dit geblyk dat daar deur verskillende funksionarisse verskeie stelsels gebruik word, hoofsaaklik om aan die vereistes van elke pos te voldoen. Alhoewel hierdie inligting doelmatig vir elke aktiwiteit is, het dit tot 'n verspreiding van inligting gelei waar die inligting nie vir almal toeganklik is nie.

In die gesprekke met belanghebbendes en kundiges is daar besluit om 'n databasis saam te stel om die inligting van predikante en gemeentes te koördineer. Die saamstel van die databasis het reeds ver gevorder en is die gedeelte ten opsigte van gemeentes alreeds in werking. Die statiese inligting word gereeld op datum gehou en die Almanak vir 2007 en 2008 was vanuit die databasis saamgestel. Programme is saamgestel om die elektroniese in- en uitsette van kollektes te hanteer. Die verslae wat hieruit gegenereer word sal nie alleen gemeentes in staat stel om hulle eie kollektes te moniteer nie, maar ook 'n instrument aan die Administratiewe Buro verskaf om die kollektes te bestuur.

Die deel van die databasis wat betrekking het op predikante en hulle afhanklikes is afgehandel tot op die punt waar die basiese inligting deel vorm van die databasis. Daar is nog werk wat gedoen moet word, veral met die saamstel van verslae voordat die inligting gebruik kan word om emeriti se versorging behoorlik met behulp van die databasis te kan bestuur.

Alhoewel hierdie databasis inligting gebruik van die Pastel-finansiële stelsel, is dit twee afsonderlike stelsels wat nie 'n direkte koppeling het nie. Dit is belangrik dat die integriteit van die finansiële inligting nie aangetas word nie.

Debiteure van tydskrifte en boeke vorm deel van die finansiële stelsel en die bestuur van die debiteure geskied deur daardie stelsel. Dit is nie nodig om 'n nuwe elektroniese stelsel vir hierdie doel te ontwikkel nie.

Besluit: Kennis geneem van 1.2.13 tot 1.2.13.5.

Sake waaroor die Sinode moet besluit

Aanbeveling

a. Dat die elektroniese kerkbestuurstelsel verder ontplooi word sodat dit as databasis kan funksioneer om die inligting van predikante en gemeentes te koördineer.
b. Dat die elektroniese databasis prakties aangewend word om onder andere debiteure daarmee te moniteer en deur middel van e-pos met die kerkverband te kommunikeer.
c. Dat alle plaaslike kerke aangemoedig word om e-posadresse aan die bestuurder van die databasis beskikbaar te stel om kommunikasie effektief te laat plaasvind.

Besluit: Goedgekeur – wysiging is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

Verbeter vaardighede deur opleiding en advies en die onderlinge verdeling van finansiële en ander hulpbronne:

a. Identifiseer tekort aan vaardighede by gemeentes
b. Identifiseer gemeentes met finansiële probleme
c. Beplan opleiding-/advies/konsultasie-geleenthede
d. Beplan onderhandelinge waar finansiële en ander hulpbronne verdeel moet word (Acta 2006:339)

Die opdrag is deurlopend deur die Projekbestuurder op navraag en uitnodiging gedoen

Die Projekbestuurder is besig om 'n uitgebreide toerustingskursus te skryf wat die volgende inhou:

a. Bydraevlakke
b. Uitreik en evangelisering
c. Kerklike administrasie
d. Finansiële bedieningsooreenkomste

Besluit: Kennis geneem van 1.2.14 tot 1.2.14.2.

Maak jongmense bewus van kerklike strukture en doelwitte wat bereik wil word – Praktykmaking van KO, artt 41 en 44 (Acta 2006:339)

'n Beskrywingspunt oor die benoeming van Skakeldeputate (verderaan in die verslag) is opgestel om uitvoering aan hierdie saak te gee.

Besluit: Kennis geneem.

Skep 'n elektroniese databasis wat gemeentes deur die Internet inligting verskaf (Acta 2006:340, 7.5.5.1)

Ds Hennie van Wyk rapporteer dat:

a. Die nodige stelsel is op die Internet geplaas.
b. Nie alle kerke se inligting is op die Internet beskikbaar nie.
c. Dat kerke nie self die data opdateer soos wat van hulle verwag word nie.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

Aangesien Administratiewe Buro 'n databasis met hierdie inligting byhou, beveel die Bestuur aan dat die Administratiewe Buro hierdie databasis self op die Internet byhou.

Besluit: Goedgekeur.

Dra finansiële kundigheid aan gemeentes oor wat 'n behoefte daaraan het

a. *Ad hoc versoeke*
b. *Stel 'n skedule op (Acta 2006:340, 7.5.5.4)*

Advies en aanbevelings is op versoek deur die Projekbestuurder en Direkteur aan kerke gedoen.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

Dat die Skakeldeputate in die toekoms hierdie opdrag sal hanteer. Verwys na die Beskrywingspunt oor die benoeming van Skakeldeputate.

Verleen hulp aan kerke om te verseker dat hulle aan nuwe wetgewing voldoen en ouditvereistes nakom (Acta 2006:340, 7.5.5.4)

Hierdie saak word tans deur die Regsdeputate gehanteer, aangesien daar nie sekerheid is oor die praktiese implementering van die betrokke wetgewing nie.

Besluit: Kennis geneem.

Ontwikkel visitasieriglyne t.o.v. administrasie en finansies vir gebruik deur kerke en Klassisse (Acta 2006:340, 7.5.6)

Aanbeveling

i) Dat kerke voor visitasie die volgende inligting aan die visitatore sal voorlê:
   a. Finansiële state
   b. Begrotings
ii) Dat die volgende vrae met pertinente motivering vir die spesifieke antwoorde op elke vraag gedurende visitasie behandel word:
   a. Motiveer hoe die gemeente sy verpligting nakom om die predikant behoorlik te versorg?
   b. Verskaf verslae wat bewys dat die finansiële state gereeld geoudit word.
   c. Watter versekering het u teen diefstal en bedrog?
   d. Beskryf die voorsorg wat getref word om die gelde wat ontvang word, veilig te bewaar.
   e. Verskaf die afgelope twee jaar se begrotings aan die visitatore.
   f. Watter metodes word gebruik om gereeld verslag aan die gemeente te doen?
   g. Wat is gedoen om bykomende fondse in te samel?
   h. Verskaf aan die visitatore 'n staat van u oorbetalings van ramings vir die afgelope twee jaar.
   i. Verskaf 'n staat van u oorbetalings van verpligte kollektes aan die visitatore.
   j. Hoe sien u toe dat die dankoffers volgens die Skriftuurlike beginsels afgedra word?
   k. Hoe sien die ouderlinge toe dat aan die behoringseis van die Skrif geoffer word?
   l. Is die Kerkraad bewus van die Sinode se besluite hieroor? Wanneer en hoe is dit oorgedra?
   m. Toon asseblief aan hoe die Sinodebesluite oor dankoffers toegepas word.
   n. Watter boekhouding- en gemeente-administrasiestelsel gebruik u?

Besluit: Dit word aan die Bestuur van die Administratiewe Buro opgedra om die riglyne te verander na visitasie-inligting wat deur visitatore gebruik kan word.

Bevorder herbesinning oor bydraevlakke, deur studiemateriaal beskikbaar te stel om ouderlinge en lidmate toe te rus (Acta 2006:341, 7.8)

Ds LH van Schaik het as Projekbestuurder deurlopend aandag aan hierdie opdrag gegee.

a. 'n Skyfiereeks in beide die twee vertalings is volgens Sinodebesluite 2006 uitgewerk en gedoen.
b. Die voorlegging is by verskeie geleenthede aan Kerkrade, gemeentes en finansiële kommissies gedoen
c. Die voorlegging is ook op aanvraag aan kerke per e-pos gestuur.

Besluit: Kennis geneem.

Eiendomsake: Spesifieke opdragte

i) Doen instandhouding van die Kerkmuseum gebou deur die Eiendomskommissie van die Admin Buro (Acta 2006:380).

ii) Koördineer die restourasie en insameling van fondse vir die instandhouding van Krugerskraal (Acta 2006:383, 2.2.3 (d)).

iii) Bepaal in oorleg met die Finansiële Kommissie die finansiële implikasies om die Burgersdorpse Kultuurhistoriese Museum (BKH) as 'n gemeenskapsmuseum te laat proklameer (Acta 2006:382, motivering (b)).

Sake vir kennisname

Ingevolge artt 7.8.1, 7.8.3 en 7.8.6 van die Reglement behartig die Bestuur die beheer, toesig, onderhoud en verhuring van eiendomme en geboue wat gesamentlik aan die GKSA behoort. Dit sluit die volgende historiese geboue in: Ou Voorbereidende Skool, Totiushuis, Kerkmuseum, Cachet-koshuis en Krugerskraal.

Aangesien al voornoemde as kultuurhistoriese gedenkwaardighede verklaar is, bestaan daar wetlike bepalings en voorskrifte wat nagekom moet word by die restourasie en instandhouding daarvan. Ten einde hieraan te voldoen, betrek die Eiendomskommissie twee kundige persone, nl. Arend Müller (argitek) en Mione du Toit (restourasie- en kultuurhistoriese konsultant).

Die huidige situasie met betrekking tot die onderskeie geboue is:

Ou Voorbereidende Skool

Dié gebou word aan die Totius Akademie (Christelike skool) verhuur met as teenprestasie dat die skool die gebou vir sy rekening restoureer en instandhou. Weens beperkte fondse word die restourasie stelselmatig oor 'n tydperk van minstens 3 jaar gedoen.

Totiushuis

Die Totiushuis word vir 99 jaar aan die Tlokwe (Potchefstroom) Stadsraad verhuur. Die Bestuur sien toe dat die gebou ingevolge die ooreenkoms instandgehou word. Tot nog toe is daar redelik goeie samewerking van die kant van die Stadsraad, en is die gebou, in vergeleke met die ander, in 'n goeie toestand.

Kerkmuseum

Die restourasie en onderhoud word in samewerking met die Deputate Historiese Sake gedoen. Hoewel die gebou op die oog af in 'n redelike toestand is, is daar groot barste in van die binnemure en moet die elektrisiteitsnetwerk ook aandag kry.

Cachet-koshuis

Die wooneenhede word teen 'n nominale tarief aan behoeftige teologiese studente wat van voorneme is om predikante in die GKSA te word, verhuur. Die gebou is in 'n swak toestand, omdat die huurinkomste kwalik vir die instandhouding kan vergoed.

Krugerskraal

Krugerskraal word tans vir 'n termyn van 10 jaar aan 'n lidmaat, broeder Izak Potgieter, verhuur. Die ooreenkoms bepaal dat die materiaal vir restourasie vir die rekening van die GKSA is, terwyl hy die arbeid voorsien en die kompleks instandhou. In gesamentlike pogings tussen die Eiendomskommissie en die broeder is daar R23 450 ingesamel wat vir restourasiewerk aangewend kon word. Die gebou was verwaarloos en die boorgat is so swak dat daar gedurende droogte in die wintermaande nie water beskikbaar is nie.

Burgersdorpse Kultuurhistoriese Museum (BKH)

Die geboue en die grootste gedeelte van die inhoud is destyds deur die GK Burgersdorp aan 'n Trusteeraad oorgedra, maar wel met 'n terugvalklousule. Omdat die BKH nie die eiendom van die GKSA is nie, het die Bestuur volgens sy mandaat nie enige belang daarby nie. Gesien die historiese band, het die Sinode

volgens ons oordeel aanvanklik reg gehandel deur die GKSA se betrokkenheid aan die Deputate Historiese Sake op te dra.

Instandhouding- en restourasiekoste

Weens 'n gebrek aan fondse was daar vir die afgelope termyn slegs R114 100 beskikbaar vir onderhoud, instandhouding en restourasie van die historiese geboue, terwyl 'n kwotasie (2006) vir die restourasie van slegs die Cachet-koshuis R500 000 beloop het.

Die tekort aan fondse maak dringende restourasie en instandhouding haas onmoontlik en die eiendomme gaan geleidelik al verder agteruit.

Agterstallige lenings

Om die noodsaaklike vervanging/opgradering van die verkoeling- en klankstelsel van die Sinodesaal te kon doen, moes geld geleen word wat nog terugbetaal moet word. Dit verminder die beskikbare fondse drasties wat tot die Eiendomskommissie se beskikking is.

Hoewel die Bestuur graag 'n reserwefonds van ongeveer 10% van die waarde van die geboue wil opbou, is daar uit bestaande bronne nie eers genoeg vir noodsaaklike onderhoud en instandhouding nie.

Besluit: Kennis geneem van die volgende:

(1) Die Ledevergadering neem met kommer kennis van die swak toestand van sommige van die eiendomme.

(2) Die Bestuur van die Administratiewe Buro besluit oor die beskikbaarstelling/verkryging van voldoende fondse wat nodig is vir die restourasie, onderhoud en instandhouding van sy historiese erfenis en ander eiendom van die GKSA (Administratiewe Buro kompleks en die TSP-gebou) wat die opbou van die reserwefonds insluit, met inagneming van die volgende:

(a) Die Bestuur moet by wyse van 'n voorkeurlys die belang van die herstel en instandhouding van die eiendomme bepaal.

(b) 'n Behoorlike besigheidsplan vir restourasie van al die eiendomme moet opgestel word.

Besluit: Goedgekeur – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

Koopaanbod vir Krugerskraal

Die Bestuur het 'n koopaanbod vir Krugerskraal van 'n lidmaat ontvang. Op advies van die Regsdeputate, word die Sinode gevra om daaroor te besin.

Sake waaroor die Sinode moet besluit

a. Die Sinode moet besluit oor die beskikbaarstelling/verkryging van voldoende fondse wat nodig is vir die restourasie, onderhoud en instandhouding van sy historiese erfenis en ander eiendom van die GKSA (Administratiewe Buro kompleks en TSP gebou) wat die opbou van 'n reserwefonds insluit.

b. Hom uitspreek oor die (moontlike) vervreemding van Krugerskraal.

c. Dat die Deputate Historiese Sake se betrokkenheid by die Burgersdorpse kultuurhistoriese Museum gekontinueer word.

2.2 Sinode neem kennis van die volgende oor Krugerskraal:

2.1.1 Die eiendom is in 'n verwaarloosde toestand. Die herstelkoste word beraam op ongeveer R350 000.00. Daar is 'n ernstige tekort aan water. Daar is 'n skriftelike aanbod om Krugerskraal te koop teen 'n bedrag van R50 000.00, met die onderneming deur die voornemende koper om die eiendom in stand te hou en die oogmerk om die historisiteit van die eiendom te bewaar en uit te bou.

Aanbeveling

1. Die Sinode neem met dank en waardering kennis van die voornemende koper wat Krugerskraal ter harte geneem het en erns met die bewaring en instandhouding van die eiendom wil maak, asook van die voorgestelde aanbod.
2. Die Sinode die belang van Krugerskraal as historiese gedenkwaardigheid vir die GKSA opnuut bevestig.
3. Die Bestuur van die Administratiewe Buro 'n restourasieprojek van Krugerskraal in samewerking met al die kerke organiseer.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

Sien toe dat die Administratiewe Buro die buro van alle kerke word van lede wat voorheen benadeel is, en dat daar Deputate op die Bestuur van die Administratiewe Buro, sowel as op die personeel van die Administratiewe Buro is (Acta 2006:390, 4.6.1)

Die Bestuur het toegesien dat die Administratiewe Buro, wat alreeds vir 'n geruime tyd die administrasie van die voormalige Sinode Middellande behartig, bevoeg is om die bykomende administratiewe verpligtinge van alle kerke wat deel van GKSA is, te behartig. Sinode Middellande se statistiek en ramings is volgens die nuwe Klassisse bepaal en toegedeel. Soveel as moontlik van die nuwe predikante van Sinode Middellande is by die Emeritaatsversorging en Predikante Pensioenfonds ingeskakel. Tot dusver het die eenwording van die kerke nog nie so ver gevorder dat daar Deputate van voorheen benadeelde groepe op die Bestuur van die Administratiewe Buro of personeel benoem kon word nie.

Besluit: Goedgekeur. Dié saak word verwys na die Kommissie vir aanwys van Deputate.

Bou die funksionele teenwoordigheid van die GKSA op die Internet uit (Acta 2006:777, 2.2).

Hierdie saak word in die Rapport van die Deputate Internet hanteer (kyk ook 1.2.12 en 1.2.15).

Besluit: Goedgekeur. Daar moet begroot word vir 'n webmeester om uitvoering aan die opdragte te gee.

Onderneem 'n volledige haalbaarheidstudie vir die daarstelling van voldoende akkommodasie vir die TSP en Fakulteit Teologie (Acta 2006:794, 2.2).

[Die Rapport oor hierdie saak hieronder het sy eie nommervolgorde.]

RAPPORT OOR DIE DAARSTELLING VAN AKKOMMODASIE AAN DIE TSP EN FAKULTEIT TEOLOGIE

1. Die opdrag

Voortspruitend uit die Rapport van die Kuratore wat voor Sinode 2006 gedien het, is die volgende opdrag deur die Ledevergadering aan die Bestuur van die Administratiewe Buro gegee:

*"*2.2.4 *<u>Aanbevelings</u>*

2.2.4.1 Tussentyds

Onderhandelinge en gesprekvoering tussen die Fakulteit, die TSP, die Administratiewe Buro en die NWU (2.2.3.2.1 en 2.2.3.2.2) word voortgesit om die behoefte aan bykomende akkommodasie aan te spreek.

2.2.4.2 Langtermyn

2.2.4.2.1 Die Sinode neem kennis van die volgende:

(a) Behoeftebepalings wat reeds gedoen is en op die noodsaak van bykomende akkommodasie dui.

(b) *Vergaderings wat reeds tussen betrokkenes plaasgevind het om die moontlikheid van 'n addisionele gebou te bespreek.*

(c) *Die Kuratorium se bevinding: "Op die langtermyn dui die behoefte aan dat bykomende akkommodasie in die vorm van 'n addisionele gebou beskikbaar moet wees."*

2.2.4.2.2 Die Sinode gee 'n mandaat aan die Bestuur van die Administratiewe Buro om te begin beplan vir die oprigting van 'n addisionele gebou in onderhandeling en samewerking met die Fakulteit, die TSP, die Kuratorium, die NWU en die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord met inagneming van die finansiële implikasies daarvan vir die kerke. 'n Deeglike kosteberaming moet opgestel word en befondsingsmoontlikhede (bv. deur die NWU) moet ondersoek word vir voorlegging aan die

volgende Sinode.

2.2.4.2.3 Die Rapport moet reeds tydens die 2006 November-verslagvergadering van die Administratiewe Buro aan die afgevaardigdes van die Klassisse en Partikuliere Sinodes voorgelê word. Indien die voorlegging tot bevrediging van die bogenoemde partye sou wees, met inagneming van die finansiële implikasies en onderworpe daaraan dat die risiko op die kerke nie onbillik sou wees nie, word 'n mandaat verleen om met die projek voort te gaan.

*10*Besluit: Goedgekeur" *(Handelinge 2006, p 795).*

Besluit: Kennis geneem.

6. Sake waarvan kennis geneem kan word

2.1 **Ontleding van die opdrag**

2.1.1 Ingevolge art 10 van die Reglement van die Administratiewe Buro, "KOMMUNIKASIE AAN DIE KERKVERBAND", word die verteenwoordigers van Klassisse en Partikuliere Sinodes nie deur die Sinode nie, maar deur elke Part Sinode, Klassis en Kerkraad aangewys.

- Die opdrag aan hierdie verteenwoordigers is baie duidelik omskryf as *"behulpsaam wees met kommunikasie" (10.1); en "ingelig word oor die finansiële sake" (10.2)*
- Hulle het dus nie enige besluitnemingsbevoegdheid nie.

2.1.2 Die Bestuur van die Administratiewe Buro moet sy doen en late aan die Sinode in Ledevergadering verantwoord en nie aan verteenwoordigers van Part Sinodes, Klassisse of Kerkrade nie.

2.1.3 Die mandaat word aan die Bestuur van die Administratiewe Buro gegee, en volgens die Reglement (art 7.8.4) van die Administratiewe Buro, moet die Bestuur oor sulke sake met die Kuratore oorleg pleeg. Met die ander partye in die opdrag genoem, moet daar *onderhandeling* gevoer word en hulle *samewerking* verkry word.

2.1.4 Die feit dat daar in die opdrag by herhaling verwys word na die finansiële implikasies wat dit vir die kerke mag inhou, moes dus deeglik verreken word. 'n Bepalende faktor is en was *"met inagneming van alle finansiële implikasies vir die kerke"* en *"onderworpe daaraan dat die risiko op die kerke nie onbillik sou wees nie".*

2.1.5 Volgens die Rapport wat voor die Sinode gedien het, was die behoefte so dringend dat die beskikbare fasiliteite by die Administratiewe Buro noodgedwonge benut moes word omdat die opstel van 'n kosteberaming en ondersoek van befondsingsmoontlikhede tyd in beslag sou neem.

2.1.6 Die behoeftebepalings is reeds gedoen soos aan Sinode 2006 gerapporteer (Acta 2006:794, 2.2.2). Die opdrag is dus net om in die reeds bepaalde behoefte te voorsien.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.1.6.

2.2 **Verloop in die uitvoering van die opdrag**

2.2.1 Tussentyds:

2.2.1.1 Die Bestuur het reeds voor Sinode 2006 (12 September 2005), toe die behoefte vir bykomende akkommodasie vir die TSP/Fakulteit Teologie onder sy aandag gebring is, die beskikbare 440 vierkante meter ruimte by die Administratiewe Buro vir verhuring aangebied.

2.2.1.2 Tydens 'n vergadering tussen lede van die Bestuur en die TSP/Fakulteit Teologie op 7 Maart 2006, is die 440 vierkante meter ruimte weereens, maar sonder die heffing van huur, aangebied.

Motivering: Die Bestuur is daarvan oortuig dat die TSP/Fakulteit Teologie belangrike rolspelers is in die uitdra van die Gereformeerde teologie, nie net nasionaal nie, maar ook op internasionale vlak.

2.2.1.3 Die TSP/Fakulteit Teologie het aangedui dat die grondvlak (330 vierkante meter) in hulle onmiddellike behoeftes sal voldoen. Die Bestuur besluit om dit kosteloos beskikbaar te stel, wat 'n verlies aan huurinkomste van R138 600 per jaar tot gevolg

het.

2.2.1.4 Die boonste vlak (110 vierkante meter) word met ingang 1 Januarie 2007 aan die NWU Potchefstroomkampus verhuur vir die huisvesting van die Sentrum vir Gemeenskapsreg en Ontwikkeling teen R35 per vierkante meter.

2.2.1.5 Sou die opdrag dus, om watter rede ook al, nie in geheel of gedeeltelik afgehandel kon word nie, is die beskikbare fasiliteite wat kosteloos beskikbaar gestel is, voldoende tot en met Sinode 2009.

1. Langertermyn

Op die langer termyn verloop die uitvoering van die opdrag as volg:

2.2.2.1 Die Bestuur wys 'n Kommissie aan om met die opdrag voort te gaan en aan die Bestuur verslag te doen.

2.2.2.2 Uit samesprekings oor bykomende akkommodasie voor Sinode 2006 en direk daarna, het die TSP/Fakulteit Teologie die beskikbare ruimte by die Administratiewe Buro (vir die medium- tot langtermyn) nie as geskik beskou nie, maar daarby gestaan dat 'n nuwe gebou op die perseel opgerig behoort te word. Tydens latere samesprekings is die NWU egter gewillig om dieselfde akkommodasie (Administratiewe Buro gebouekompleks) aan te koop. Al die rolspelers was dit eens dat bykomende akkommodasie verkieslik op die perseel, naas die bestaande TSP-gebou, voorsien moes word (verwys na 3.2.4 en 3.2.6).

2.2.2.3 Tydens die vergadering van 7 Maart 2006 het die TSP/Fakulteit Teologie onderneem om met die NWU te onderhandel oor die behoefte aan bykomende akkommodasie en hoe dit aangespreek kan word.

2.2.2.4 Na geruime tydsverloop (1 November 2006), was die TSP/Fakulteit Teologie en verteenwoordigers van die NWU gereed vir verdere gesprekvoering. Tydens dié vergadering dui die NWU aan dat die aankoop van die Administratiewe Burokompleks deur die NWU hulle voorkeuropsie is om in die bykomende behoeftes van die TSP/Fakulteit Teologie te voorsien.

2.2.2.5 As gevolg van die omvang van die opdrag, met spesifieke verwysing na **deeglike kosteberaming, befondsingsmoontlikhede en finansiële implikasies vir die kerke**, was die Bestuur nie in staat om met die verslagvergadering van November 2006 oor 'n langtermyn oplossing te rapporteer nie, behalwe om te bevestig dat daar voortgegaan word met die opdrag.

2.2.2.6 Tydens 'n vergadering (21 Mei 2007) waarby verteenwoordigers van die NWU, TSP/Fakulteit Teologie, die Kuratorium en lede van die Bestuur teenwoordig was, word 'n formele, getekende koopaanbod vir die Administratiewe Burokompleks deur die NWU oorhandig en toegelig.

Die aanbod van **R7 500 000** was tweeledig:

- R6 000 000.00 kontant, plus
- 'n woonhuis waarvan die waarde as R1 500 000.00 aangedui word.

2.2.2.7 'n Onafhanklike geswore waardeerder waardeer die Administratiewe Buro-eiendom met verbeterings op vir **R12 700 000**.

2.2.2.8 Hoewel die Bestuur ingevolge die Reglement van die Administratiewe Buro (artt 3.1.1 en 4.9), onroerende eiendom kan vervreem, word die aanbod van die hand gewys omdat:

- beide die kantoorkompleks en die Sinodesaal steeds deur die GKSA benut word;
- 'n gedeelte van die kantoorkompleks en die Sinodesaal verhuur word, wat inkomste genereer wat vir instandhouding aangewend word;
- die koopprys wat deur die NWU aangebied word, nie in lyn met die waarde van die eiendom is nie; en
- die lede van die Kuratorium op die Bestuur van die Administratiewe Buro geadviseer het dat die eiendom nie verkoop word nie, maar dat ander alternatiewe oorweeg moet word.

Besluit: Kennis geneem van 2.2 tot 2.2.2.8.

2.3 **Kosteberaming: Bykomende akkommodasie vir TSP en Fakulteit Teologie**

Die behoeftebepaling vir bykomende akkommodasie vir die TSP en Fakulteit Teologie is voor Sinode 2006 deur die Senaat gedoen en aan die Kuratorium voorgelê (Rapport van die Kuratorium aan Sinode 2006 – Acta:794–795).

2.3.1 Die behoefte:

In die besprekingsdokument wat by die vergadering van 30 Januarie 2007 oor die uitvoering van die opdrag gehou is, word die reeds bepaalde behoefte volledig deur die Dekaan van die Fakulteit Teologie uiteengesit. Daarvolgens is die behoefte:

(a) Die oprigting van 'n addisionele gebou, en

(b) voortgesette benutting van die bestaande TSP-gebou, maar met verbrekings en verbouings daaraan.

(c) Ten einde te bepaal wat die oppervlakte van so 'n addisionele gebou behoort te wees, is die riglyn wat deur die NWU gebruik word, bekom vir die berekeninge.

2.3.2 Oprigtingskoste:

Vir die bepaling van die oprigtingskoste vir 'n gebou soos in die behoeftebepaling uiteengesit, is kundige advies van 'n argitek en bourekenaar ingewin. Volgens hulle sou boukoste toe R9 000/vkm beloop het, die prys van grond uitgesluit.

2.3.3 Oppervlaktes:

Volgens die behoeftebepaling bestaan die gebou wat opgerig behoort te word, uit die volgende, met oppervlaktes bereken volgens die NWU-riglyn (in vierkante meter):

Bestuurskomponent:

Kantoorruimte:

Dekaan en sekretaresse	25 + 15 = 40	
Rektor en sekretaresse	25 + 15 = 40	
Drie direkteure met sekretaresses	3 x 20 + 15 = 105	
Bestuurder Verspreide Leer met assistent	20 + 15 = 35	
Totaal:		**= 220**

Ander fasiliteite:

Ontvangsarea	= 40	
Seminaarkamer vir 10-12 persone	= 18	
Seminaarsaal/kompleks vir 50-60 persone	= 100	
Personeelkamer (met toilet- + badkamergeriewe)	= 70	
Totaal:		**= 228**

Akademiese personeel, kantoorruimtes:

Permanente poste/persone	15 x 15 = 225	
Tydelike poste/persone	10 x 15 = 150	
Totaal:		**= 375**
Groottotaal:		**= 823**

2.3.4 Geraamde oprigtingskoste:

Die geraamde oprigtingskoste vir 'n addisionele gebou vir die TSP en Fakulteit Teologie sou dus 823 x R9 000 beloop het = **R7,407 miljoen.**

Hierby moet nog koste vir verbreek en verbou van die bestaande TSP-gebou gevoeg word wat die totale koste verhoog tot minimum R8 miljoen.

Besluit: Kennis geneem van 2.3 tot 2.3.4.

2.4 **Koopaanbod van grond tussen Admin Buro en GK Potchefstroom-Noord**

2.4.1 Die NWU maak op 26 November 2007 ’n skriftelike aanbod aan GK Potchefstroom-Noord vir die aankoop van die stuk onbeboude grond noord van die kerkgebou met die opskortende voorwaarde dat die Administratiewe Buro ook inwillig om sy aangrensende deel aan die NWU te verkoop.

2.4.2 GK Potchefstroom-Noord se deel is ongeveer 1561 vkm en die Administratiewe Buro se deel 1207 vkm groot.

2.4.3 Die prys wat aangebied word is R500/vkm. Na rugspraak tussen die Bestuur en GK Potchefstroom-Noord word in beginsel besluit om die onbeboude stuk grond tussen die Administratiewe Buro en GK Potchefstroom-Noord aan die NWU te verkoop, maar dan teen R800/vkm wat nader aan huidige markwaarde is. Die besluit word tydens die vergadering van 4 Desember 2007 deur die partye aan die NWU oorgedra.

2.4.4 Die NWU verhoog sy koopaanbod van R500 tot R800/vkm met ’n uiteensetting van wat beoog word. Die NWU gee ondernemings en rig die volgende versoek aan die Bestuur:

“3 Die Universiteit bied hiermee aan om daardie gedeelte van die Administratiewe Buro se eiendom soos aangedui word deur die figuur CDEFC op die meegaande kaart (die “Kaart”) (hierby aangeheg as Aanhangsel “A”) groot ongeveer 1207 vierkante meter (“U Grondstuk”) teen R800.00 (agthonderd rand) (die “Koopprys”) van die Administratiewe Buro aan te koop.

3 Die Universiteit beoog ook om:

4.1 gelyktydig daardie gedeelte van die Kerk se eiendom, soos aangedui word deur figuur ABCFA op voormelde Aanhangsel “A”, groot ongeveer 1561 vierkante meter (die “Kerk se Eiendom”) ook teen R800.00 (agthonderd rand) per vierkante meter, van die Kerk aan te koop, en

4.2 dié twee grondstukke (U Grondstuk en die Kerk se Eiendom) met die toestemming en goedkeuring van die Tlokwe City Council, Local Municipality (soos dit in die Aktekantoor omskryf moet word) en die Landmeter-Generaal, onder te verdeel, te laat konsolideer en die nodige aansoek te doen sodat die gekonsolideerde eiendom soos aangedui word deur figuur ABCDEFA op Aanhangsel “A”, vir opvoedkundige doeleindes hersoneer word.

4 Die besonderhede van die beplanning en aangeleenthede wat daarmee verband hou, is onder andere as volg:

5.1 Die koste verbonde aan die afsny, konsolidasie, oordrag en gebruikshersonering deur die Universiteit gedra word en geen koste-implikasies vir die Administratiewe Buro sal inhou nie.

5.2 Die gekonsolideerde grondstuk sal deur die Universiteit gebruik word vir parkering en die oprigting van ’n akademiese gebou soos op die Kaart, Aanhangsel “A”, aangetoon word. Die gebou sal bestaan uit ’n grondvloer plus een verdieping, met die moontlike toevoeging van ’n tweede verdieping in die toekoms.

5.3 Die gekonsolideerde grondstuk word nie afsonderlik omhein en ook nie van ’n afsonderlike ingang voorsien nie, wat inhou dat die toegang bly soos wat dit tans is, sodat dit steeds ook deur die Kerk en die Administratiewe Buro benut kan word. Hierdie reëling skep egter geen diensbaarhede (serwituut) nie. Die Universiteit waarborg egter dat die parkeerplek op die bovermelde gekonsolideerde eiendom steeds as parkeerplek deur die Administratiewe Buro en die Kerk gebruik en benut sal kan word.

5.4 Die Universiteit onderneem om die oprigting van die gebou en die ontwikkeling van die terrein na oorleg met die Administratiewe Buro en die Kerk te doen. Daar sal in hierdie verband ook met die Kerk en die Administratiewe Buro onderhandel word oor toepaslike maatreëls waarvolgens die Universiteit die grondstuk nie sal gebruik of toelaat dat

dit gebruik word vir aktiwiteite wat indruis teen die godsdienstige/kulturele oortuigings van die Kerk en/of die Administratiewe Buro nie, vir sover sodanige beletsel ingevolge die geldende reg afdwingbaar mag wees.

5.5 Die Administratiewe Buro en/of die Kerk (as die een van hulle van hierdie reg sou afstand doen, die ander een dan alleen hierdie reg sal verkry) by wyse van 'n klousule in die Koopkontrak(te) die eerste opsie (voorkoopsreg) verkry om die bogemelde gekonsolideerde eiendom (figuur ABCDEFA) terug te koop indien die Universiteit op enige stadium dit wens te vervreem.

6 Hierdie aanbod is verder onderhewig aan die volgende opskortende voorwaardes:

6.1 (Weens die verhoogde aanbod, nl. van R500.00 per vierkante meter na R800.00 per vierkante meter, die Universiteit dus nou in totaal R830 400.00 meer as wat beplan is, ten opsigte van die aankooppryse sal moet betaal, wat ongeveer 10% van die Universiteit se beskikbare begroting vir 2008, vir hierdie doel, beloop. Die Universiteit is bereid om vir 5% van hierdie bedrag (nl. R830 400.00) in te staan). Dat die Administratiewe Buro (dus) 'n skenking ten bedrae van R415 200.00 ten opsigte van die Koopprys in die transaksie in paragraaf 3 hierbo genoem, aan die Universiteit maak, wat:

6.1.1 Of in skuldvergelyking ten opsigte van die betaling van die Koopprys gebring kan word;

6.1.2 Of deur die Universiteit gewaarborg en betaal word, maar op datum van registrasie van bogemelde gekonsolideerde eiendom, die gemelde bedrag deur die Administratiewe Buro aan die Universiteit geskenk word, en

6.2 Dat die Universiteit wel daarin slaag om die gedeelte ABCFA (die Kerk se Eiendom) van die Kerk aan te koop; en

6.3 *Die Kerk se Eiendom en U Grondstuk wel afgesny, onderverdeel en gekonsolideer kan word as figuur ABCDEFA en ook vir opvoedkundige doeleindes hersoneer kan word."*

2.4.5 Die Bestuur van die Administratiewe Buro en GK Potchefstroom-Noord besluit gesamentlik om die grond aan die NWU te verkoop en dat voornoemde ondernemings saam met bykomende voorwaardes in die finale koopkontrak vervat moet word. Voorts besluit die Bestuur, soos deur die NWU versoek, om in die gees van samewerking wat oor soveel jare tussen die GKSA en die NWU bestaan, die bedrag van R415 200 as skenking aan die NWU af te staan.

2.4.6 Dit kom dus daarop neer dat die Administratiewe Buro R550 400 vir die 1207 vkm grond sal ontvang.

Besluit: Kennis geneem van 2.4.1 tot 2.4.6.

2.5 **Opsomming**

Die opsies wat oorweeg is, met kommentaar daarby, word soos volg opgesom:

2.5.1 **Die moontlikheid om verdere verdieping(s) op die TSP-gebou te bou**

- Vanuit 'n geskiedkundige en argitektoniese hoek is dit nie 'n uitvoerbare opsie nie.

2.5.2 **Oprigting van 'n nuwe gebou deur die GKSA**

- Die Bestuur is daarvan oortuig dat die behoefte aan bykomende akkommodasie die gevolg is van die groei en uitbreiding van die Fakulteit Teologie. **Daarom is daar met dank kennis geneem dat die NWU hierdie oortuiging deel deur**

erns te maak om op eie koste 'n gebou op te rig.

- Die GKSA het nie fondse beskikbaar vir die oprigting van 'n gebou nie; die geld, minimum R8 miljoen, sou geleen moes word.
- Die delging van so 'n lening (kapitaal + rente) sou 'n swaar bykomende ramingslas op lidmate plaas wat nie versoen kan word met wat in die opdrag uitgespel word nie.
- Sou die GKSA wel so 'n gebou oprig en daar kom in die toekoms 'n breuk tussen die GKSA en die NWU, sal dit onderbenut en selfs onbenut staan aangesien die huidige TSP-gebou voldoende huisvesting vir net die Teologiese Skool bied.
- So 'n addisionele gebou vereis bykomende onderhoud en instandhouding.
- Die benutting van mekaar se fasiliteite word baie kort in die staande ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU omskryf:

  "5 Wedersydse beskikbaarstelling van fasiliteite en van dosente tussen die kerke en die Universiteit

  Die Universiteit en die Kerke stel hulle fasiliteite wedersyds tot mekaar se beskikking, en pleeg besonderlik oorleg met mekaar met betrekking tot die gepaste fasiliteite en toerusting wat vir die opleiding in teologie aan die Fakulteit Teologie en Teologiese Skool nodig is."

  Hieruit was dit vir die Bestuur duidelik dat dit nie geskrewe staan of in die gees van samewerking net aanvaar kon word dat die GKSA alleen verantwoordelik is om gepaste fasiliteite daar te stel nie.
- Op grond van al voornoemde was die Bestuur oortuig dat dit nie die weg was om te volg nie.

2.5.3 **Aanpassing van Administratiewe Buro-gebou met bykomende fasiliteite deur die GKSA**

- In die Administratiewe Buro gebou is 440 vkm beskikbaar.
- Sou daar wel besluit word dat die GKSA die bykomende akkommodasie moet voorsien, sou hierdie die mees uitvoerbare en goedkoopste opsie wees, omdat:
- Daar reeds 440 vkm beskikbaar is wat vir heelwat goedkoper as boukoste van 'n nuwe gebou aangepas kan word en slegs 383 vkm bykomend gebou moes word.
- Die struktuur van die Admin-gebou is sodanig dat ten minste nog 'n verdieping bo-op die bestaande gebou opgerig kan word.

2.5.4 **Verkoop van Administratiewe Burogebou aan die NWU**

- Hierdie was die voorkeuropsie van die NWU.
- Hoewel die Bestuur ingevolge die Reglement van die Administratiewe Buro (artt 3.1.1 en 4.9), onroerende eiendom kan vervreem, is die aanbod vir die volgende redes nie aanvaar nie:
  - 'n Deel van die kantoorkompleks en die Sinodesaal word tans, en sal in die toekoms steeds deur die GKSA benut word.
  - Die ander gedeelte van die kantoorkompleks en die Sinodesaal word verhuur en genereer inkomste wat vir instandhouding aangewend word.
  - Die koopprys wat deur die NWU aangebied word, is nie in lyn met die waarde van die eiendom nie.
  - Verteenwoordigers van die Kuratorium het ook geadviseer dat die eiendom nie verkoop word nie en dat ander alternatiewe oorweeg moet word.

2.5.5 **Verkoop van onbeboude grond tussen Administratiewe Buro en GK Potchefstroom-Noord aan die NWU vir die oprigting van 'n akademiese gebou**

In onderhandeling en samewerking met die partye soos in die opdrag genoem, het die Bestuur en die GK Potchefstroom-Noord gesamentlik besluit om elk 'n deel van die onbeboude stuk grond tussen die Administratiewe Buro en die Kerk aan die NWU te verkoop met die uitdruklike onderneming dat daar 'n akademiese gebou vir die Fakulteit

Teologie opgerig kan word.

Motivering

- Regdeur die onderhandelinge was die partye dit met mekaar eens dat die bykomende akkommodasie verkieslik by die bestaande fasiliteite voorsien moes word. Die nuwe gebou kan nou op die perseel opgerig word en die TSP-gebou, biblioteek, afdakke en kerkgebou kan steeds sonder enige ongerief benut word.
- Die verhouding tussen die GKSA en die NWU word hierdeur gedien. Daarom moet die skenking van R415 200 as 'n tasbare gebaar van welwillendheid gesien word.
- Deur op hierdie wyse uitvoering aan die opdrag te gee, kos dit die kerke niks; inteendeel ontvang die kerke 'n bedrag (R550 400) waarop rente verdien kan word.
- Nie net die oprigtingskoste nie, maar die onderhoud en instandhouding is ook vir die rekening van die NWU.
- In die koopkontrak word 'n terugkoopklousule ingesluit.
- Indien daar in die toekoms besluit sou word om die ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU te beëindig, is daar vir beide die Teologiese Skool en die Fakulteit Teologie afsonderlike akkommodasie beskikbaar.
- Die NWU waarborg dat die parkeerplek op die eiendom steeds as parkeerplek deur die Administratiewe Buro en die Kerk gebruik en benut kan word.

Besluit: Kennis geneem van 2.5.1 tot 2.5.5.

2.6 Onsekerheid oor eiendoms-, gebruiksreg, onderhoud en instandhouding van eiendomme

2.6.1 Tydens die onderhandelinge in die uitvoering van die opdrag, was daar oor voornoemde onsekerheid, onder andere oor die Jan Lion Cachet-Biblioteek.

2.6.2 Dit is waarskynlik nie iets nuuts nie, aangesien daar reeds in 1985 hieroor besluit en 'n formele ooreenkoms aangegaan is (Acta 1985:220, 9.6 en 3.6, p279-282).

2.6.3 Die ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU (artikel 5) is nie spesifiek hieroor nie. Inderwaarheid word net daarna verwys.

2.6.4 Gedagtig aan voornoemde, sal daar in die finale koopkontrak ooreengekom word oor sake soos benutting, onderhoud en instandhouding. Desnieteenstaande ag die Bestuur dit noodsaaklik en taak die twee bestuurslede wat tegelyk ook kuratore is, om die volgende na die tafel van die Kuratorium te neem:

Dat die Kuratorium in oorlegpleging met die Administratiewe Buro, saam met die NWU artikel 5 van die ooreenkoms hersien en uitbrei, om soos in die geval van die biblioteek, spesifieke riglyne neer te lê rakende eienaarskap, gebruiksreg, onderhoud en instandhouding van die TSP.

Besluit: Kennis geneem van 2.6.1 tot 2.6.4.

2.7 Koopkontrak

Ten tye van die keerdatum vir die indiening van stukke vir opname in die Agenda, was die koopkontrak nog nie gefinaliseer nie, en sal daaroor in die Aanvullende Agenda verslag gedoen word.

Besluit: Kennis geneem.

2.8 Inligting aan kerke

Die Bestuur het besluit om sodra die koopkontrak gefinaliseer is, die kerke breedvoerig oor die uitvoering van sy opdrag in te lig. Daaroor sal ook in die Aanvullende Agenda gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem.

7. Sake waaroor besluit moet word

Dat die Sinode die optrede van die Bestuur, met inagneming van artt 3.1.1 en 4.9 van die Reglement, die verkoop van 'n gedeelte grond van erf 213 aan die NWU vir die oprigting van 'n akademiese gebou daarop, goedkeur.

Besluit: Kennis geneem.

Ondersoek na die praktiese en finansiële implikasies van 'n hoër frekwensie van Sinodes in samewerking met die Deputate Programmering (Acta 2006:826, 3)
Sien die Deputate Nasionale Sinode se Rapport oor hierdie saak [Handelinge 2009, 11.1].

2. Aanvullende sake wat die Bestuur van die Administratiewe Buro onder die Sinode se aandag wil bring

2.1 *Die noodsaaklikheid aan skakeling tussen die Administratiewe Buro en gemeentes van die GKSA word in die volgende Beskrywingspunt aan die Algemene Sinode voorgelê*

BESKRYWINGSPUNT OOR DIE BENOEMING VAN SINODALE SKAKELDEPUTATE

[Die Beskrywingspunt het sy eie nommervolgorde]

Agtergrond
Baie van die sake wat in die opdrag aan nuwe Deputate gegee word, is reeds Sinodebesluite. Daar is talle Sinodebesluite wat nie verder vorder as die Handelinge van 'n Sinode nie. Hierdie Beskrywingspunt gaan meebring dat die besluite uitgevoer word.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbevelings

1 Dat die Sinode Algemene Sinodale Skakeldeputate benoem met die volgende opdragte

1.1 *Om algemene skakelwerk te doen tussen die Administratiewe Buro/Algemene Sinode en die plaaslike kerke*
Motivering
Sinode 2006:341, 7.11.2
Die Sinode word versoek om kundige Deputate aan te wys om bogenoemde en enige ander opdragte wat die Sinode mag gee, tot uitvoer te bring.
Sinode 2006:340, 7.5.5.3
Indien en waar nodig die regte menslike- en ander hulpbronne bekom word sodat die Administratiewe Buro sy nuwe opdragte kan uitvoer en in sy begroting voorsiening kan maak vir al die aksieplanne en opdragte van die Nasionale Sinode.

1.2 *Om kerke by te staan in die vestiging van behoorlike administrasie*
Motivering
Sinode 2006:340, 7.5.5.4
Om opleiding en programme te ontwikkel om gemeentes te help beplan, begroot, rekeningkundig rekord te hou en ook om hulp te verleen met die ontwikkeling van administratiewe stelsels, behoorlike begrotings en strategiese beplanning. Daar moet verder hulp verleen word om te verseker dat kerke aan nuwe wetgewing voldoen en dat ouditvereistes nagekom word.

1.3 *Om kerke wat sustentasie ontvang by te staan in hulle sustentasienood*
Motivering:
Sinode 2006:277, 3.2
Om finansiële oorbruggingshulp en advies aan kerke te verleen wat weens vertrek van lidmate of sosio-ekonomiese omstandighede nie die instandhouding van Woordbediening kan volhou nie. Hierdie hulp word gegee nadat die Klassis volgens KO, artt 41 en 44 die kerk bygestaan het om alternatiewe te vind, o.a. kombinasievorming,

bedieningsooreenkomste of samewerking.

Sinode 2006:277, 3.4

Om finansiële hulp en advies aan kerke te verleen vir wie daar geen alternatiewe (bv. kombinasie, bedieningsooreenkoms, samewerking) vorme van Woordbediening bestaan nie en dit noodsaaklik is dat daar 'n kerk moet bly voortbestaan.

1.4 *Om kerke by te staan met hulle finansiële beplanning en begrotings*

Motivering

Sinode 2006:341, 7.5.5.4

Om opleiding en programme te ontwikkel om gemeentes te help beplan, begroot, rekeningkundig rekord te hou en ook om hulp te verleen met die ontwikkeling van administratiewe stelsels, behoorlike begrotings en strategiese beplanning. Daar moet verder hulp verleen word om te verseker dat kerke aan nuwe wetgewing voldoen en dat ouditvereistes nagekom word.

Sinode 2006:277, 3.1

Om finansiële hulp en advies aan kerke te verleen in die uitvoering van Christus se opdrag om die evangelie aan alle mense te bedien. Die primêre fokus is die uitbreiding van God se koninkryk in die opbou en uitbou van die kerk volgens Matt 28.

1.5 *Om in samewerking met die Trustees kundige advies te gee oor: Opstel van beroepsbriewe, traktering, PGT's, emeritaats- en mediese versorging*

Sinode 1994:251, 9.2.3.

Motivering

Sinode 1997:344, 4.2.4

Waar die Visitatore altyd navraag doen oor die versorging van die predikant (KO, art 11), moet daar ook nou verslag gedoen word of die Kerkraad en predikant se bydrae op die volle pakket bereken word. Die aangeleentheid moet dan ook in die Visitasierapport vervat word.

Sinode 2000:5.1.2

Beroepsbriewe: Die besluite van Sinode 1994 [begin van PPF] het meegebring dat die bewoording van predikante se beroepsbriewe gewysig moes word om ooreen te stem met die nuwe wyse van versorging (Acta 1997:233, 4.6).

Die nuwe formulering vir beroeping van predikante wat op die versorgingslys verskyn, is aan alle meewerkende kerke gestuur, dit is opgeneem in die Handleiding vir Emeritaatsversorging en is ook opgeneem in die nuwe Kerkordeboekie.

1.6 *Om agterstallige ramings te in*

Motivering:

Sinode 2006:286, 2.2

Die Bestuur moet kerke en Klassisse besoek en oor optrede besluit insake agterstallige ramings

Die Bestuur van die Administratiewe Buro het in samewerking met die Trustees van die EVT alle Klassisse besoek waartydens alle finansiële aspekte soos ramings en relevante Sinodebesluite (ongepubliseerde Bylae) behandel en in besluitneming geadviseer is.

Sinode 2006:289, 2.9

Geen ramings word afgeskryf nie en die Bestuur ontvang opdrag om kerke met reëlings behulpsaam te wees om die agterstallige ramings te betaal.

Die Deputate in samewerking met die Bestuur sal steeds op hierdie basis voortdurend vroegtydig met Kerkrade skakel waar dit blyk dat hulle met die betaling van ramings agter raak. Kerke met agterstallige ramings word versoek om met die Bestuur in gesprek te tree sodat sinvolle reëlings vir die betaling daarvan getref kan word. Kerke word versoek om ramings waar moontlik sesmaandeliks vooruit te betaal of dan ten minste maandeliks. Kerke word aangemoedig en versoek om ramings per debietorder te betaal (Acta 2003:357, 1 en 2).

1.7 *Om Sinodebesluite by die plaaslike kerkraad tuis te bring*

Motivering

Die Bestuur van die Administratiewe Buro het in samewerking met die Trustees van die EVT alle Klassisse besoek waartydens alle finansiële aspekte soos ramings en relevante

Sinodebesluite (ongepubliseerde Bylae) behandel en in besluitneming geadviseer is.

1.8 *Om kerklike tydskrifte te promoveer*

Motivering

Die getalle van lidmate wat kerklike tydskrifte lees neem jaarliks af. Sien sirkulasiesyfers 1995–2005 (Acta 2006:296). Die Deputate Kerklike Tydskrifte versoek in hulle Rapport dat voltydse bemarkers aangestel word om die probleem met dalende sirkulasiesyfers te oorkom. Skakeldeputate kan met vrug hierdie funksie hanteer.

1.9 *Om kerke by te staan in uitbreiding en uitreiking in nuwe bedieningspatrone. Om kerke by te staan in die vestiging van bedieningsplanne en nuwe velde vir bediening en daarstelling van nuwe bedieningsooreenkomste en kombinasievorming*

Motivering

Sinode 2006:341, 7.10.1

Elke Klassis moet 'n bedieningsplan opstel om moontlike sustentasie en voorposkerke te identifiseer, planne op te stel om Woordbediening te verseker deur die metodes in hierdie rapport bespreek te oorweeg, en vooruitskattings te maak van toekomstige behoeftes.

Sinode 2006:341, 7.11.1

Die Deputate moet nuwe strategiese bedieningspatrone en wyses van bediening ontwikkel vir die GKSA om die Woordverkondiging in voorposkerke te vestig en bestaande kerke finansieel onafhanklik te maak.

1.10 *Om toerusting aan Kerkrade in verskillende aspekte te gee soos: bydraevlakke, ramings, verpligte kollektes, evangelisering, uitreiking*

Motivering

Sinode 2006:341, 7.5.2 en 3

Kerkrade moet teen die tendens waak waarvolgens slegs bydraende lidmate op statistiekvorms aangegee word. Klassisse moet vir die juistheid van inligting medeverantwoordelikheid aanvaar.

Kerkrade moet daarop let dat bydraevlakke in die lig van die voorskrifte in die Woord van die Here vasgestel word.

1.11 *Om uitbreiding en bevestiging van doelwitte soos vervat in die Reglement vir Sustentasie toe te pas en deur te gee*

Motivering

Om finansiële hulp en advies aan kerke te verleen in die uitvoering van Christus se opdrag om die evangelie aan alle mense te bedien. Die primêre fokus is die uitbreiding van God se koninkryk in die opbou en uitbou van die kerk volgens Matt 28.

Om finansiële oorbruggingshulp en advies te verleen aan kerke wat weens die vertrek van lidmate of sosio-ekonomiese omstandighede nie die instandhouding van Woordbediening kan volhou nie. Hierdie hulp word gegee nadat die Klassis volgens KO, artt 41 en 44 die kerk bygestaan het om alternatiewe te vind, o.a. kombinasie, bedieningsooreenkoms, samewerking.

Om finansiële hulp en advies aan kerke te verleen sodat hulle deur die bediening van die Woord kan groei tot finansiële selfstandigheid onder leiding van die Klassis volgens KO, art 38.

Om finansiële hulp en advies aan kerke te verleen waar daar geen alternatiewe (bv. kombinasie, bedieningsooreenkoms, samewerking) vorme van Woordbediening bestaan nie en dit noodsaaklik is dat daar 'n kerk moet bly voortbestaan.

1.12 *Om kundigheid en gawes binne 'n Klassis aan te wend*

Motivering

Sinode 2006:339

Verbeter vaardighede deur opleiding en advies en die onderlinge verdeling van finansiële en ander hulpbronne.

1. Identifiseer tekort aan vaardighede by gemeentes
2. identifiseer gemeentes met finansiële probleme
3. beplan opleiding-/advies/konsultasie-geleenthede

Beplan onderhandelinge waar finansiële en ander hulpbronne verdeel moet word.

1.13 *Visitasieriglyne daar te stel*

Motivering

Sinode 2006:340, 7.5.6

Visitasieriglyne moet ontwikkel word ten opsigte van administrasie en finansies vir gebruik deur Klassisse om te help met vroeë waarskuwing, monitering en beplanning.

1.14 *Om die Dankbaarheidsfonds verder uit te bou*

Motivering

Uitbouing van die Dankbaarheidsfonds soos verwoord in Acta 2003:753.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.14.

2 Dat die Skakeldeputate soos volg saamgestel word

Motivering

'n Dagbestuur van drie predikante en 'n predikant of lidmaat uit elk van die 27 Klassisse (desnoods vir Pretoria en Randvaal Streeksinodes net 1 per Streeksinode) wat deur die Algemene Sinode benoem word. Dit bespaar baie reiskoste wanneer so 'n Deputaat in die Klassis werksaam is waarin hy woon. Sekundi moet ook aangewys word.

Besluit: Skakeldeputate moet aangewys word en dat die opdrag en samestelling van die Deputate vir aanbeveling na 'n ad-hoc kommissie verwys word wat deur die Moderamen aan die vergadering voorgehou sal word.

3 Dat die Skakeldeputate opleiding sal ontvang om die bogenoemde skakelwerk te doen

Motivering

Hier is baie gespesialiseerde inligting en kundigheid in die opdragte vervat. Daarom is dit nodig dat die Skakeldeputate die regte inligting ontvang om kundigheid eenvormig oor te dra.

Besluit: Kennis geneem.

4 Dat die Skakeldeputate nou saamwerk met die Administratiewe Hoof/Fondsbestuurder van die Administratiewe Buro en dat die Fondsbestuurder ampshalwe deel van die Deputate vorm

Motivering

Die administrasie van die kerkverband is gesetel in die Administratiewe Buro en die samewerking vanuit die Administratiewe Buro is van kritiese belang.

Besluit: Kennis geneem.

5 Dat die Skakeldeputate tydens Maart 2009 (of eersvolgende) Klassisse die geleentheid ontvang om die omvang van hulle opdragte aan die onderskeie Klassisse voor te hou

Motivering

Dit is noodsaaklik dat die Klassisse en kerke kennis neem van die Skakeldeputate se werksaamhede.

Besluit: Kennis geneem.

6 Opdragte aan die Skakeldeputate

6.1 Die Deputate moet optree met inagneming van die belangrike kerkregtelike beginsel van die selfstandigheid van die plaaslike kerk.

6.2 Die Deputate op uitnodiging van Kerkrade, Klassisse en Streeksinodes advies gee en die dienste van die Administratiewe aan te bied met betrekking tot finansiële en administratiewe aangeleenthede. Die tersaaklike Sinodebesluite oor finansiële en administratiewe sake moet ook in die advies wat gebied word, aan kerke oorgedra word.

6.3 Dat die Deputate vir Korrespondensie van elke Streeksinode aanvanklik as skakeldeputaat sal dien totdat die Streeksinode mettertyd nog 'n Deputaat benoem om die deputaat by te staan.

Besluit: Goedgekeur.

[Einde van die Beskrywingspunt]

2.2 *Toekomstige ramingstelsels*

Aanbeveling

Sinode 2009 moet leiding oor die hantering van ramings aan kerke gee.

Besluit: Goedgekeur. Die Bestuur van die Administratiewe Buro moet lidmate koöpteer om saam na die bestaande ramingstelsel te kyk. Die opdrag is om vas te stel of die huidige stelsel wel billik is. Indien daar aanpassing gemaak moet word aan die ramingstelsel, moet voorstelle by Sinode 2012 gemaak word.

2.3 *Kollektes in die kerkverband vir die SDDS*

Aanbeveling

Kommissie behoort aangewys te word om alle kollektes wat in die kerkverband vir die SDDS ingesamel word, op 'n billike grondslag oorhoofs te verdeel, soortgelyk aan die metode wat by die Sustentasiefonds gevolg word.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig. Die SDDS en die Administratiewe Buro moet self die taak uitvoer.

2.4 *SDDS se finansiële administrasie*

Die finansiële state van SDDS se inrigtings dui aan dat sommige tehuise surplusfondse op hande het terwyl ander tehuise tekorte het. Dit word toegeskryf aan kollektes wat in kerkverband vir spesifieke tehuise gevorder en oorbetaal is.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

Dat goedkeuring verleen word aan die SDDS en Administratiewe Buro vir die aanwending van surplusfondse wat spruit uit kollektes van kerke by sommige tehuise ten opsigte van tekorte by ander tehuise.

Besluit: Goedgekeur – wysiging is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

2.5 *Aanpassing van Administratiewe Buro se Reglement by Kingverslag*

Die Voorsittersverslag verwys na nuwe voorgestelde struktuur wat aangepas is om aan die Kingverslag se vereistes te voldoen.

Aanbeveling

Dat die Sinode die voorgestelde struktuur goedkeur.

Besluit: Die Deputate Handelinge kan hieroor geen besluit opspoor nie.

2.6 *Eienaarskap van Jan Lion Cachet-biblioteek*

Aanbeveling

Dat die Sinode besluit dat die eienaarskap van die Jan Lion Cachet-biblioteek weer uitdruklik in die Reglement van die Administratiewe Buro opgeneem word.

Besluit: Goedgekeur.

2.7 *PJ van der Walt – aanbod om R200 000 nou te betaal in plaas van R500 000 in boedel*

Agtergrond

Ingevolge die mandaat wat deur Sinode 2003 aan Administratiewe Buro gegee is, is hierdie aanbod, ná oorlegpleging met die Regsdeputate, aanvaar aangesien die huidige waarde van die toekomstige ontvangbare R500 000 veel minder as R200 000 is. Die R200 000 is reeds ontvang. Aangesien die uitstaande bedrag in 2003 teen Administratiewe Buro se fondse afgeskryf is, word hierdie bedrag as inkomste vir die Administratiewe Buro se eie fondse gehanteer.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

Dat die Sinode met dank kennis neem.

Besluit: Goedgekeur.

2.8 *Aanstelling van personeel deur Deputate*

Aanbeveling

Dat die aanstelling van personeel slegs gedoen kan gebeur nadat die Deputate so 'n aanbeveling aan die Administratiewe Buro gemaak het. Dieselfde geld vir die sluiting van enige ooreenkomste waaruit finansiële en ander verpligtinge voortspruit.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig.

2.9 *Verslag van die Bestuur van die Administratiewe Buro*

2.9.1 Inleiding

Dit is nou 3 jaar ná die vorige Sinodesitting en mens kan nie glo dat die tyd so vinnig verbygegaan het nie. Ek lewer nou graag kommentaar oor die afgelope 3 jaar se werksaamhede van die Administratiewe Buro.

2.9.2 Verkorte opsomming van sekere finansiële resultate

Die finansiële resultate is duidelik uiteengesit in die state wat in die Aanvullende Agenda gerapporteer sal word. Die Administratiewe Buro is nie 'n winsgewende organisasie nie, maar administreer fondse wat aan hom toegewys is ooreenkomstig opdragte en 'n Reglement van vorige Sinodes. Gevolglik is bestedings min of meer gelyk aan ontvangstes. Waar bestedings meer as ontvangste is, is sulke bestedings uit vorige jare se opgelope fondse gedoen. Bestedings minder as ontvangste laat surplusse vir aanwending in volgende jare.

Ontvangstes vir:

TIPE FONDS	2006	2007	2008
Spesifieke fondse	R6 491 000	R7 326 000	R10 842 000
Eie fondse	R3 416 000	R3 796 000	R4 248 000
Trust fondse	R32 000	R34 000	R86 000
Pensioenfondse & EVT	R54 348 000	R57 072 000	R30 743 000
Kollektes	R2 016 000	R2 562 000	R3 005 000
Totaal	**R66 303 000**	**R70 790 000**	**R48 924 000**

Betalings uit:

TIPE FONDS	2006	2007	2008
Spesifieke fondse	R6 457 000	R7 200 000	R8 796 000
Eie fondse	R3 779 000	R3 285 000	R3 482 000
Trust fondse	R95 000	R28 000	R67 000
Pensioenfondse & EVT	R20 134 000	R16 939 000	R25 905 000
Kollektes	R2 016 000	R2 562 000	R3 005 000
Totaal	**R32 481 000**	**R30 014 000**	**R41 255 000**

Totale fondse op hande:

TIPE FONDS	2006	2007	2008
Spesifieke fondse	R12 131 000	R12 237 000	R14 179 000
Eie fondse	R1 784 000	R2 295 000	R3 061 000
Trust fondse	R560 000	R834 000	R1 258 000
Pensioenfondse & EVT	R158 794 000	R194 928 000	R196 815 000
Kollektes	-	-	-
Totaal	**R173 269 000**	**R210 294 000**	**R215 313 000**

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar 'n wesenlike groei in die finansiële aktiwiteite is wat die Administratiewe Buro behartig.

2.9.3 Maandelikse finansiële verslagdoening

Groter effektiwiteit het meegebring dat die Administratiewe Buro nou stiptelik elke maand betroubare finansiële bestuurstate ontvang wat begrotings met werklike syfers asook vorige jare se inligting vergelyk. Hierdie inligting word effektief gebruik om te kontroleer en te bestuur. Die Administratiewe Buro se eie fondse, spesifieke fondse en trustfondse beslaan bykans 900 rekeninge waarvan die meeste maandelikse inskrywings het. Dit sluit nie die byhou van finansiële rekords van die 9 tehuise en SDDS se boeke in nie. Dit is voorwaar 'n prestasie om al hierdie werk so

getrou en betroubaar te kan doen. Baie dankie aan die personeel wat hierdie belangrike funksie so uitmuntend uitvoer.

2.9.4 Jaarlikse verslagvergadering

Die Administratiewe Buro het sedert 2003 elke jaar 'n vergadering in November gehou waarheen afgevaardigdes van Partikuliere Sinodes en kerke genooi is. Tydens hierdie vergaderings het die bestuur breedvoerig verslag gedoen oor die finansiële sake en aktiwiteite onder die beheer van die Administratiewe Buro. Heelwat tyd is toegestaan vir vrae, opmerkings en voorstelle wat daartoe bygedra het dat die verhoudinge tussen kerke en die Administratiewe Buro en kerke onderling versterk is. Die jaarlikse voorleggings is ook aan Partikuliere Sinodes gestuur asook aan enige iemand wat daarvoor gevra het. Die bedoeling is om hierdie geleenthede in die toekoms te gebruik om die band tussen kerke nog sterker te smee. Vordering van uitstaande ramings, tydskrif en boekskulde en kollektes:

	2006	**2007**	**2008**
Ramings verskuldig op 30 Junie	R4 900 000	R5 310 000	R4 807 000

Bogenoemde bedrae is op 30 Junie van elke jaar uitstaande gewees. Die ramings is op 1 Julie en 1 Januarie van elke jaar gehef. Hierdie uitstaande bedrae is dus ten minste 6 maande ná die laaste raming gehef is. Ramings word slegs as inkomste gereken by ontvangs daarvan en nie wanneer die bedrae aan die Administratiewe Buro verskuldig is nie. Sou ons 100% suksesvol gewees het in die vordering van die ramings kon die Administratiewe Buro ten minste R6 miljoen meer beskikbaar vir aanwending in die kerkverband gehad het of die voordeel kon na kerke toe deurgegee gewees het deur middel van verminderde ramings. Die opvolg van agterstallige ramings is 'n prioriteitsaak by die Administratiewe Buro. Gesprekke word met die Kerkrade gehou om die doel en oorsprong van ramings te verduidelik en afbetalingsooreenkomste word waar moontlik met kerke gereël om hierdie bedrae te vereffen. Ongelukkig wil dit voorkom asof sommige kerke van mening is dat die betaling van ramings nie 'n prioriteit is nie. Selfs by kerke wat nie finansiële nood het nie. Daar bestaan selfs 'n persepsie dat die Administratiewe Buro eensydig besluit hoeveel die ramings moet wees. Dit terwyl ramings deur die Sinodes vasgestel word. Die Administratiewe Buro beoog om inligting van uitstaande ramings aan Klassisse deur te gee vir verdere hantering. Ons beveel ook aan dat uitstaande ramings as 'n vaste punt op Visitasierapporte hanteer moet word.

Uitstaande tydskrif- en boekskulde word op dieselfde basis as vir uitstaande ramings aangespreek.

Die Administratiewe Buro is ook bewus van die praktyk by sommige kerke om nie verpligte kollektes aan die Administratiewe Buro oor te betaal nie. Een van die redes hiervoor is dat die kollektes in dieselfde bankrekening as bydraes gedeponeer word. Bedieningsuitgawes soos die predikant se traktement het dan prioriteit met die gevolg dat die kollektes nooit oorbetaal word vir aanwending vir die doel waarvoor dit oorspronklik bekom is nie. Hierdie praktyk kom neer op wanaanwending van spesifieke fondse en ons versoek Kerkrade om noulettend aandag aan hierdie saak te gee. Die verpligte kollektes word deur Sinodes voorgeskryf ná behoorlike oorweging van die noodsaaklikheid en dringendheid vir sulke fondse. Die geld word dus nie bestee waar dit veronderstel is om bestee te word nie.

2.9.5 Veranderinge van Administratiewe Buro na 'n Diensburo

Die Administratiewe Buro het gedurende hierdie 3 jaar voortgebou op die vorige 3 jaarperiode om die Administratiewe Buro as 'n Diensburo te vestig wat waarde toevoeg vir die kerke in plaas van om net bloot administratiewe take af te handel. Ons erken die feit dat elke kerk outonoom funksioneer, maar die kerke staan ook onderling in verband met mekaar. Die uitbouing van hierdie bande deur middel van skakeling, bewusmaking en die kommunikering van relatiewe inligting is 'n deurlopende proses wat daartoe bydra dat kerke ingelig is om sodoende op mekaar

ag te kan gee. Die Administratiewe Buro bied ook hulp aan kerke aan deur maandelikse vergoedings elektronies te bereken en ons is in die proses om te kyk hoe ons alle kerke kan help om elektronies meer doeltreffend te kommunikeer. Dit wil ons doen deur as diensverskaffer vir e-poshantering op te tree. Sodoende sal kontinuïteit bewerkstellig word waar predikante, skribas en kassiere gereeld verwissel. Die vestiging van 'n databasis met relevante inligting oor en vir kerke is goed aan die gang en ons hoop om binnekort hierdie diens breedvoerig bekend te stel.

2.9.6 Skakelwerk

In lyn met die visie om die "sement tussen die stene" vir die kerke te wees, het die Administratiewe Buro vroeg in 2006, ná afloop van die vorige Sinode met Gereformeerde Kerk Springs-Oos ooreengekom dat hulle ds Leo van Schaik tot 'n groot mate beskikbaar stel om kerke, Klassisse en Partikuliere Sinodes te besoek. Tydens sulke besoeke is die toehoorders behoorlik ingelig oor die aktiwiteite van die Administratiewe Buro wat insluit, Dankbaarheidsfonds, Fees-150, ramings, sustentasie, uitstaande skulde ten opsigte van ramings, tydskrifte en boeke, Teologiese Skool en nog baie meer. Advies ten opsigte van bedieningsplanne en ander finansiële advies is gegee waar van toepassing. Weereens was die geleentheid daar vir vrae wat beantwoord is om sodoende onduidelikhede aan te spreek. Ons dank die Here dat Hy die Gereformeerde Kerk Springs-Oos bereidwillig gemaak het om hulle dominee vir hierdie belangrike werk beskikbaar te stel en vir die harde werk wat ds Leo so getrou uitgevoer het. Mag sy Koninkryk daardeur gedien en uitgebou word! Die Administratiewe Buro beoog om die skakelfunksie in die toekoms met behulp van predikante in streke te bewerkstellig. Hierdie skakelgroep sal opleiding ontvang en op 'n deurlopende basis inligting van en na die Administratiewe Buro kommunikeer. Ons is oortuig dat die bande tussen die kerke hierdeur net sterker gesmee sal word.

2.9.7 Ander punte wat uitstaan

2.9.7.1 Afskrywing ten opsigte van R680 000-belegging

Hierdie saak het groot pyn gedurende Sinode 2003 veroorsaak. Die laaste betaling in terme van hierdie skikking was gedurende hierdie jaar (in plaas van by afsterwe van die spesifieke broeder) betaal. In totaal is daar dus R613 000 van hierdie belegging verhaal. Goeie lesse is daaruit geleer en ons kan met dank kennis gee dat al die bepalinge volgens die skikkingsakte wat in 2003 aangegaan is, nou afgehandel is.

2.9.7.2 Fasiliteite vir Teologiese skool en Fakulteit Teologie van die Noordwes Universiteit

Opdrag is tydens 2006 se Sinode aan die Administratiewe Buro gegee om 'n haalbaarheidstudie te doen vir die daarstelling van voldoende fasiliteite vir bogenoemde. Behoorlike kosteberekening moes gedoen word om te bepaal hoeveel dit die kerke sou kos indien ons hierdie fasiliteite sou moes oprig. Daar word volledig in die Rapport van die Administratiewe Buro hieroor verslag gedoen. Na vele beraadslaging, oorlegpleging en onderhandelinge is daar deur die betrokke partye ooreengekom dat 'n gedeelte van die grond tussen die Administratiewe Buro se geboue en Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord aan die NWU verkoop word vir R965 600. Aangesien die NWU, Teologiese Skool, die Fakulteit Teologie en die GKSA 'n gemeenskaplike saak vir die uitdra van die Evangelie hierdeur wil bevorder, is besluit dat die Administratiewe Buro R415 200 vir die oprigting van hierdie fasiliteite sal skenk. Die eindresultaat hiervan is dat dit die kerke niks gaan kos om die fasiliteite daar te stel nie. En dan ontvang die Administratiewe Buro nog 'n nettobedrag van R550 400 wat aangewend kan word vir ander belangrike sake in die kerkverband.

2.9.7.3 Dankbaarheidsfonds en Fees 150

Personeel van die Administratiewe Buro was gedurende hierdie 3 jaarperiode (soos wat die geval is met ander Deputaatwerk) op 'n deurlopende basis betrokke by die administrasie, kommunikasie en beplanning van hierdie projekte wat DV

gedurende 2009 ’n hoogtepunt bereik. Sonder enige teëpraat het hulle hierdie addisionele werkslas op hulle geneem en met verantwoordelikheid, toegewydheid en onderskeiding uitgevoer.

2.9.7.4 Sinodale Deputate vir Diakonale Sake

SDDS is in die proses om sekere van die tehuise aan die Residentia Stigting oor te dra (verwys SDDS se Rapport in dié verband). Gevolglik sal Residentia Stigting die finansiële sake van hierdie tehuise oorneem in plaas van dat die Administratiewe Buro dit doen. Die goeie wisselwerking tussen die personeel van die tehuise en Administratiewe Buro het meegebring dat die finansiële kontrole en beheer voldoende en bevredigend verloop het. Dankie aan die personeel wat vir die afgelope 6 jaar hierdie funksie getrou uitgevoer het.

2.9.7.5 Bestuursvergaderings

Die Bestuur van die Administratiewe Buro het gedurende die afgelope 6 jaar feitlik onveranderd gebly. Vergaderings word kwartaalliks geskeduleer en slegs uitgestel indien daar geen dringende behoefte vir die hou van vergaderings was nie. Vele sake is in die tye tussen vergadering deur middel van e-pos afgehandel. Dr At Kruger is ’n meester by die hou van notules, en die opvolg en kontrolering van sake voortspruitend uit notules asook die afhandeling van sommige sake. Dankie dat jy hierdie wonderlike gawe in diens van die Administratiewe Buro tot ons almal se nut en voordeel aangewend het.

Ons het hard gewerk, soms hewig van mekaar verskil, maar in al die tyd was dit nooit nodig om oor enige saak te stem nie. Na vele beraadslaging en beredenering is daar elke keer op ’n konsensusbesluit uitgekom. Wat ’n wonderlike voorreg om in so ’n span te kon werk. Dankie aan almal daarvoor.

2.9.7.6 Struktuur van die Administratiewe Buro

Hierdie belangrike saak is telkens aangespreek. Gedurende Sinode 2006 is ’n struktuur goedgekeur wat met groot vrug geïmplementeer is. Aangesien ons kostes tot die absolute effektiewe minimum wou beperk, is daar van Bestuurslede verwag om nie net op bestuursvlak betrokke te wees nie, maar ook dienste op operasionele vlak beskikbaar te stel. Dit het ekstra tyd en energie gevra, maar nooit was daar ’n klagte of onderstandaard werk wat gelewer is nie. Baie van die werk was ongesiens gedoen en min indien ooit is daar waardering daarvoor uitgespreek. Ons dank die Here vir hierdie positiewe gesindheid.

Voorstelle vir ’n wysiging in die struktuur word elders in ons Rapport aan die Sinode gedoen. Dit behels ’n herindeling van take en verantwoordelikhede om aan ons doel en doelwitte te voldoen. Deursigtigheid en onafhanklike beoordeling van die werksaamhede van die Administratiewe Buro is baie belangrik. Daarom akkommodeer die nuwe struktuur ’n nie-uitvoerende bestuur met kundige persone en ’n uitvoerende bestuur bestaande uit die verskillende departemente se hoofde en met ’n voorsitter wat deur die nie-uitvoerende bestuur aangewys word, maar wat nie een van die voltydse departementele hoofde sal wees nie. Meer hieroor in die Aanvullende Agenda.

Die personeel van die Administratiewe Buro is min. Niemand werk daar omdat die vergoedingspakket so aanloklik is nie, maar elkeen doen sy werk (en nog meer) sonder om te kla. Ons is geseënd met so ’n personeelkorps en ons eer julle vir die onbaatsugtige diens in sy kerk.

2.9.8 <u>Uitdagings vir die toekoms</u>

Die pad vorentoe ken ons nie. Maar ons is opgewonde daaroor. En ons weet die Here sal die Administratiewe Buro op hierdie pad lei. Die aantal kerke in GKSA gaan meer word. Dit gaan meer werk met nuwe uitdagings tot gevolg hê. Tien teen een sal meer fondse nodig wees om te voorsien in die groter behoeftes by kerke. Veral waar sustentasie nodig gaan wees. Leiding ten opsigte van samewerkingsooreenkomste, bedieningplanne en samesmeltings sal deel van ons opdragte wees. Daarby voel ons gedryf om nog beter kommunikasie met en tussen die kerke van GKSA te

bewerkstellig. Die wisselwerking van finansiële-, administratiewe- en skakelafdelings binne die Administratiewe Buro en na buite gaan nie vanself gebeur nie. Ons sal die saak behoorlik moet bestuur, dryf en kontroleer.

Ons gaan die metode waarvolgens ons ramings hef, binnekort hersien om sodoende redelik teenoor alle kerke van GKSA te probeer wees. Kyk die Rapport in die Aanvullende Agenda.

En die belangrikste is om die kerke beter ingelig te hou oor onderlinge band, nood en hulp. Om by te dra tot die sement tussen die stene.

2.9.9 **Slot**

Dankie aan kerke, dominees, kassiere, skribas en lidmate wat met ons saamgewerk het die afgelope jare. Mag die samewerking in die toekoms net nog beter wees.

Besluit: Kennis geneem van 2.9.1 tot 2.9.9.

Die personeel van die Administratiewe Buro word op die laaste dag van die Sinode op ’n gepaste wyse hartlik bedank. Br LJ Kruger word deur die Voorsitter van die Sinode bedank vir sy onbaatsugtige werk in die Bestuur van die Administratiewe Buro.

NNNNN. AANVULLENDE RAPPORT

1. Bykomende akkommodasie TSP en Fakulteit Teologie

Verwys na Agenda:139–146, met spesifieke verwysing na die koopkontrak en inligting aan die kerke.

1.1 *Sake waarvan kennis geneem kan word*

Die drie partye (GKSA, GK Potchefstroom-Noord en die NWU) het na baie gesprekvoering met mekaar die koopkontrak op 23 Oktober 2008 onderteken.

Die koopprys vir dié deel van die GKSA se grond beloop R958 400.00 waaruit ’n bedrag van R415 200.00 as ’n gebaar van welwillendheid aan die NWU geskenk word.

Die NWU beplan om ’n gebou op drie vlakke op te rig wat heelwat meer ruimte [1480vk m] bied as die aanvanklike behoefte [823vk m] wat aan Sinode 2006 gestel is. Hierdie gebou, tesame met die TSP-gebou, sal dus in die totale behoeftes vir voldoende en geskikte akkommodasie van die TSP en Fakulteit Teologie kan voorsien.

Omdat die finalisering van die kooptransaksie heelwat langer geduur het as wat verwag is, kon die kerke eers op 6 November 2008 per skrywe ingelig word oor hoe daar aan die Sinode se opdrag uitvoering gegee is. Ten tye van die keerdatum vir die indiening van die Aanvullende Agenda is geen kommentaar oor die saak van enige Kerkraad ontvang nie.

Besluit: Kennis geneem.

1.2 *Sake waaroor besluit moet word*

1.2.1 Die Sinode keur die optrede van die Bestuur om ’n gedeelte van erf 213 aan die NWU vir ’n bedrag van R958 400.00 te verkoop, goed.

Besluit: Goedgekeur.

1.2.2 Die skenking van R415 200.00, as ’n gebaar van welwillendheid aan die NWU, word goedgekeur.

Besluit: Goedgekeur.

1.2.3 Die wyse waarop die kerke oor die uitvoering van die opdrag ingelig is, word goedgekeur.

Besluit: Kennis geneem.

1.3 *Opdragte*

Die Sinode gee die volgende opdragte:

1.3.1 Die Bestuur kry opdrag om ingevolge die Reglement toe te sien dat alle (moontlike) verbouings en verbrekings aan die TSP-gebou gedoen word.

1.3.2 In soverre sodanige veranderinge op versoek van die TSP en die Fakulteit Teologie gedoen word, is dit vir die rekening van die NWU, en moet dit in oorleg met die Kuratore plaasvind.

1.3.3 Die Kuratore kry opdrag, om in oorleg met die Bestuur, die ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU rakende die gebruik en benutting van mekaar se fasiliteite, by wyse van uitbreiding van die ooreenkoms, duidelik uit te spel.

Besluit: Punt 1.3.1 tot 1.3.3 word goedgekeur.

1.3.4 Die volgende word deur die vergadering toegevoeg:

1.3.4.1 Die Ledevergadering neem kennis dat die Kommissie en die Administratiewe Buro verskil het oor die interpretasie van die mandaat aan die Administratiewe Buro.

1.3.4.2 Die Ledevergadering spreek ook sy dank uit aan die Administratiewe Buro, die NWU in besonder, asook alle ander persone wat betrokke was by hierdie ondersoek en uitvoering.

Besluit: Goedgekeur.

2 Kerklike Tydskrifte (*Kruispad*)

2.1 *Sake waarvan die Sinode kan kennis neem*

In aansluiting by 1.2.10 van die Rapport van die Bestuur, p133 van die Agenda, die volgende rakende Kruispad:

Die lid van die Bestuur (Publikasies) en personeel van die Administratiewe Buro het sedert die ontstaan van *Kruispad* gepoog om behulpsaam te wees en daaraan mee te werk dat die Sinode se opdrag ten uitvoer gebring word. So is daar byvoorbeeld met die oog op moontlike kruissubsidiëring 'n vergadering tussen die Deputate Almanak en die Redaksie van *Kruispad* gereël.

In 2007 versoek die Redaksie (direkteure) van Kruispad die Administratiewe Buro om 'n bedrag van R133 000 beskikbaar te stel sodat sekere werk gedoen kon word. Op daardie stadium was uitgawes vir R120 000 reeds aangegaan waarvoor fondse nie beskikbaar was nie. Die Redaksie het egter onderneem om die nodige fondse deur middel van skenkings te vind.

Op versoek van die Direkteur is 'n konsepbegroting van R1 952 000 ingedien op 'n stadium toe nog geen skenkings ontvang is nie. Later is 'n meer gedetailleerde begroting vir die 2007/2008 boekjaar opgestel.

Nadat aansienlike bedrae as skenkings van enkele kerke ontvang en by die Administratiewe Buro inbetaal is, is daar egter sonder sukses by die Deputate Kerklike Tydskrifte navraag gedoen rakende die administrering daarvan, met spesifieke verwysing na verslagdoening aan die skenkers.

Die aanvanklike mikpunt om die "Kruispad Groep" as 'n Art 21-maatskappy te registreer, is wel laat vaar toe daar deur die Administratiewe Buro aangedui is dat hy in staat is om alle rekenkundige aspekte teen 'n nominale tarief te hanteer.

Die skenkings was bedoel vir gebruik deur beide *Kruispad* en die Deputate Jeugsorg.

Nadat begrotings opgestel is, het dit aan die lig gekom dat:

(i) Daar nie altyd 'n verband is tussen die begroting en spandering nie.

(ii) Opdragte ontvang is om "salarisse" aan persone te betaal wat hetsy lede van die redaksie is/was, of aangestel is sonder wettige dienskontrakte.

(iii) Die hoë spanderingskoers, in vergeleke met die ander Kerklike Tydskrifte, tot gevolg gaan hê dat die fondse vroeg in 2009 uitgeput sal wees. Die volgende dien as voorbeeld: 'n Vaste kontrak vir R13 000 per maand is met Sunflood Studios vir grafiese dienste aangegaan waarin daarop aangedring word dat betalings vooruit moet geskied. Die Administratiewe Buro het nie inspraak in die bedinging gehad nie. Die kontrak is deur 'n broeder as "Executive Editor: Kruispad" onderteken. Die kontrak loop teen Maart 2009 ten einde en die vermoede bestaan dat daar nie werklik beheer oor die uitvoering daarvan bestaan nie. Net vir Oktober 2008 beloop die rekening vir grafiese dienste R24 500.

(iv) Aansienlik minder intekenare as waarvoor beplan is, het ingeteken, wat 'n nadelige invloed het op die kontantvloei.

Voortspruitend uit 'n vergadering (13 Oktober 2008) tussen die "Direksie" van *Kruispad* en 'n afvaardiging van die Deputate Jeugsorg, wat deur die lid van die Bestuur (Publikasies) en die Direkteur van die Administratiewe Buro bygewoon is, die volgende:

(i) Nadat die Direkteur die stand van fondse aan die hand van die finansiële state verduidelik het, kom die teenwoordiges tot die besef dat die beskikbare fondse teen die huidige spanderingskoers binne slegs 'n aantal maande uitgeput sal wees.

(ii) Desnieteenstaande herhaalde mededelings dat nóg die "Direksie" van *Kruispad* nóg die Deputate Jeugsorg nie regspersone is nie, en daarom nie wettige kontrakte kan aangaan nie, is daar tydens die vergadering met 'n aantal lede van die "Direksie" dienskontrakte onderteken.

Die lid van die Bestuur (Publikasies) en die Direkteur het dit opnuut aan die vergadering gestel dat daar aan die Bestuur as volg gerapporteer gaan word, en met die aanbeveling dat dit ook aan die ledevergadering voorgelê moet word:

(i) Die Bestuur van die Administratiewe Buro nie kan pa staan vir voornoemde kontrakte wat deur die "Direksie" van *Kruispad* en/of die Deputate Jeugsorg aangegaan is nie.

(ii) In vergeleke met die ander Kerklike Tydskrifte, is die uitgawes van *Kruispad* aansienlik hoër, wat indien dit uit die normale bron (ramings) gefinansier moet word, afwaarts aangepas sal moet word.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

2.2.1 Die aanbeveling vir die regstelling van die Reglement rakende die bevoegdheid van die Bestuur met betrekking tot die aanstelling en sekondering van personeel aan Deputate goedkeur.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.2 Die aanbeveling soos vervat in 1.2.10 a–e van die Rapport van die Bestuur goedkeur, en dat *Kruispad* daarby ingesluit word.

Besluit: Goedgekeur.

3 Rapport van die Ouditkomitee

3.1 *Opdrag*

Om die riglyne wat deur die Kingverslag daargestel is uit te voer, sodat deursigtigheid met die finansiële verslagdoening in die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika bewerkstellig en uit gebou kan word.

Besluit: Kennis geneem.

3.2 *Uitvoering*

Die Ouditkomitee het sy werksaamhede voortgesit deur met die Bestuur van die Administratiewe Buro tesame met die Ouditeure van die Administratiewe Buro te vergader **voor** die aanvang van die ouditeuring van die boeke van die Administratiewe Buro sowel as die van SDDS, ETV en die PPF.

Tydens hierdie vergadering is bespreking gevoer oor die ouditplan van die Ouditeure en is daar ook spesifieke opdragte aan die Ouditeure gegee oor spesifieke risiko-areas soos deur die Ouditkomitee geïdentifiseer. Klem word ook gelê op die beleggings riglyne soos deur die Sinode vasgestel.

Die Ouditkomitee vergader ook telkens **na** afloop van die ouditeuring van die boeke om die finansiële state te oorweeg, waartydens klem gelê word op die openbaarmaking in die finansiële state, dat dit in ooreenstemming is met wetgewing en algemene aanvaarde rekeningkundige praktyk.

Besluit: Kennis geneem.

3.3 *Bevinding*

Ons is van mening dat die finansiële state van al die vertakkinge van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika soos hierbo genoem, wel voldoen aan die openbaarmaking vereistes soos gestel en dat die riglyne soos gestel deur die Kingverslag nagekom is.

Besluit: Met groot dank kennis geneem.

4 Nuwe Bedieningsmodelle

4.1 *Noodsaak van nuwe bedieningsmodelle*

4.1.1 Skriftuurlike opdrag

Matt 28:19: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle …” Daar kan nog baie ander aanhalings uit die Skrif gegee word.

Ons opdrag is: Dra die Evangelie uit!

4.1.2 Tekort aan predikante

Daar is ongeveer 25 kerke wat tans beroepe uitbring. Baie van ons kerke kan weens klein getalle en ’n gebrek aan fondse nie beroep nie.

’n Beraming is gemaak dat ons ’n tekort van 65 predikante het – binne die nuwe opset in Suider-Afrika.

4.1.3 Uitbreiding van die kerk

Dit is van groot belang dat ons kerke moet groei – nie net in sekere gebiede nie – maar in elke gemeente.

4.1.4 Sustentasie Reglement, pt 3.2

Finansiële oorbruggingshulp en advies aan kerke wat weens vertrek van lidmate of sosio-ekonomiese omstandighede nie die instandhouding van Woordbediening kan volhou nie. Hierdie hulp word gegee nadat die Klassis volgens KO, artt 41 en 44 die kerk bygestaan het.

4.2 *Nuwe bedieningsmodelle*

Hierdie is alleen maar ’n paar voorbeelde wat by kerke en Klassisse aanbeveel word.

Baie van die voorbeelde is reeds in werking en word in ’n ongepubliseerde Bylae aangeheg.

Daar is ander moontlikhede wat nie hier bespreek word nie, wat reeds in die praktyk geïmplementeer word.

4.2.1 Finansiële ooreenkomste

Drie tot vier finansieel sterker kerke staan ’n kleiner kerk by sodat die Woord steeds bedien kan word.

4.2.2 Kombinasies

Om die huidige predikante se dienste optimaal te benut, kan kombinasies oorweeg word. Sodoende kan sonder sustentasie wel bediening in die kleiner kerke plaasvind.

4.2.3 Bedieningsooreenkomste

Elke gemeente behou sy selfstandigheid – ’n kleiner gemeente ontvang bediening wat deur ’n groter en finansieel sterker gemeente gebied word.

4.2.4 Afrikadiens/Multikulturele bediening

In die stedelik tradisioneel blanke gebiede kan daar uitgereik word deur Afrikadienste in ons kerke aan te bied.

4.2.5 “Makro”-platteland"

’n Sterk plattelandse kerk bedien die omliggende kleiner kerke.

4.2.6 *“Makro”-stedelik"*

Drie of vier kerke binne ’n stedelike opset vorm saam ’n makro-gemeente met groter dinamika.

4.2.7 Engelse dienste

In die stedelik tradisioneel blanke gebied kan daar uitgereik word deur dienste in Engels aan te bied.

4.2.8 Verdubbeling

Binne die plaaslike kerk kan daar evangelisering plaasvind. Sou elke huisgesin ’n ander huisgesin kerk toe bring (wat nie aan ’n kerk behoort nie) en slegs 10% van die huisgesinne word per jaar deur evangelisering lidmate – dan verdubbel so ’n gemeente se getalle binne 7 jaar.

4.2.9 Uitreik

Baie kerke het pragtige uitreikingsprogramme. Uitreik behoort eerstens in die plaaslike gemeenskap ontwikkel te word. Reik uit na die mense rondom jou.

Besluit: Kennis geneem van 4.1.1 tot 4.2.9.

4.3 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

4.3.1 Die Sinode beveel by die kerke en Klassisse die bedieningsmodelle aan.
4.3.2 Die Sinode gee opdrag aan die te benoeme Skakeldeputate om hierdie bedieningsmodelle verder te ontwikkel en om plaaslike kerke en Klassisse by te staan in die moontlike implementering hiervan.

Besluit: Goedgekeur.

5 Rapport van die Trustees van die GKSA Personeel Pensioenfonds

5.1 *Sake waarvan die Sinode kennis kan neem*

5.1.1 Agtergrond

5.1.1.1 Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is op 1 Julie 1983 gestig. Op 1 Januarie 1995 is die naam van die Fonds na die GKSA Personeel Pensioenfonds gewysig. Die Fonds was as 'n privaatfonds bedryf.

5.1.1.2 Vanaf 1 Januarie 1995 word die administrasie van die Fonds deur die Administratiewe Buro behartig.

5.1.1.3 Nuwe aanstellings van 1 Januarie 1995 af se aftreevoordeel is gewysig na 'n vaste bydraefonds.

5.1.1.4 Vir lede wat voor 1 Januarie 1995 aangesluit het, bly die lid- en werkgewersbydraekoers op onderskeidelik 8% en 15.25% van salaris. Vir nuwe toetredes na 1 Januarie 1995 verander die bydraes van 7.5% en 12.25% onderskeidelik.

5.1.1.5 Die personeel van die Sinodale Deputate vir Diakonale Sake vorm die grootste deel van die ledetal van die Fonds. Hulle diensvoorwaardes bepaal dat die normale aftree-ouderdom 60 jaar is terwyl die normale aftree-ouderdom 65 jaar is.

5.1.2 Aftreevoordele: 'n Lid is by normale aftrede, of te eniger tyd na bereiking van ouderdom 55 jaar, met die skriftelike toestemming van die werkgewer, geregtig op sy regmatige aandeel in die Fonds. Daar mag dan 'n maksimum van een derde in kontant geneem word en die ander twee derdes moet gebruik word om 'n pensioen by 'n versekeraar te koop.

5.1.3 Sterftevoordele voor aftrede: Indien 'n lid te sterwe kom, is 'n enkelbedragvoordeel gelyk aan die grootste van 3 maal die lid se jaarlikse pensioengewende salaris en die lid se regmatige aandeel in die Fonds betaalbaar.

5.1.4 Diensverlatingsvoordele: Wanneer 'n lid die diens van die werkgewer verlaat, ontvang die lid 'n enkelbedragvoordeel gelyk aan die lid se regmatige aandeel.

5.2 *Lede-inligting*

5.2.1 Die Trustees van die GKSA Personeel Pensioenfonds is

5.2.1.1 Namens die werkgewers: Ds LH van Schaik (voorsitter) mnre CJH Kruger (ondervoorsitter) en WJ Cilliers.

5.2.1.2 Namens die werknemers: dr W du Plessis (skriba), mev V Schutte en mnr P-J Schutte.

5.2.1.3 Hoofbeampte van die Fonds: Mnr HSJ Vorster.

5.2.2 Die lede-inligting op die waarderingsdatum vergelyk soos volg met die inligting op 1 April 2007

	Aantal lede op		Totale jaarlikse salarisse soos op	
	01-04-2007	01-04-2008	01-04-2007	01-04-2008
Manlike lede	22	24	R1 435 000	R1 526 000
Vroulike lede	166	167	R7 346 000	R7 450 000
Totaal	188	191	R8 781 000	R8 976 000

Die geweegde gemiddelde ouderdom van die lede op 1 April 2008 was 48.1 teenoor 47.3 op 1 April 2007

5.2.3 Die ledetal van die Fonds het gedurende die waarderingsperiode van 188 na 191 soos volg toegeneem.

Aantal lede op 01-04-2007 188

Plus	Nuwe toetredes	24
Min	Diensverlatings	20
	Aftredes	1
Aantal lede op 01-04-2008		191

5.3 *Besonderhede van beleggings*

5.3.1 Die bates van die Fonds is in 'n gewaarborgde portefeulje en in 'n geldmarkportefeulje van Sanlam, sowel as in 'n afsonderlike aandeleportefeulje belê. Die aandeleportefeulje is gedurende Junie 2007 ter gelde gemaak en die balans voortspruitend uit die verkoop van die aandele is na die geldmarkportefeulje van Sanlam oorgedra.

5.3.2 Die opbou in die onderskeie beleggingsrekeninge van die Fonds gedurende die waarderingsperiode sowel as die beleggingsopbrengs behaal in elke portefeulje was soos volg (bedrae in R'000):

Portefeulje	Sanlam (Alpha)	Sanlam (Geldmark)	Afsonderlike Aandele Portefeulje	Totaal
	Gewaarborg	Markwaarde	Markwaarde	
Saldo op 01-04-2007	R7 413	R6 097	R 2 094	R15 604
Nuwe bedrae belê	R 0	R1 627	(R2 402)	(R 775)
Beleggingsverdienste toegevoeg	R 879	R 741	R 308	R 1 928
Saldo op 01-04-2008	R8 292	R8 465	R 0	R16 757
Beleggingsopbrengs p.j.	11.1%	10.1%	95.2%*	12.1%

* Toon slegs die groei in die markwaarde van die aandele tussen 1 April 2007 en 30 Junie 2008, jaarliks saamgestel.

5.4 *Aktuariële waardering van die GKSA Personeel Pensioenfonds soos op 1 April 2008 [as ongepubliseerde Bylae aangeheg]*

5.4.1 Finansiële stand van die Fonds

5.4.1.1 Die finansiële posisie van die Fonds soos op 1 April 2008, in vergelyk met die posisie soos op 1 April 2007 is soos volg:

	1 April 2007	1 April 2008
Verpligtinge ten opsigte van:		
Regmatige aandele van aktiewe lede	R14 144 000	R16 152 000
Data- en Verwerkingsreserwerekening	R 216 000	R 312 000
Kostereserwerekening	R 96 000	R 108 000
Totaal	R14 456 000	R16 572 000
Min waarde geplaas op bates	R14 456 000	R16 572 000
Surplus / (Tekort)	R 0	R 0

5.4.1.2 Indien die waarde van die totale waardes as 'n persentasie van die totale verpligtinge uitgedruk word, dui die resultate 'n befondsingsvlak vir die Fonds as geheel van 100.00%

5.4.1.3 Dit is duidelik uit die bovermelde resultate dat die Fonds tans in 'n gesonde finansiële toestand verkeer en dat hierdie gesonde posisie ook in die toekoms gehandhaaf behoort te word.

Besluit: Met groot dank kennis geneem van 5.1 tot 5.4.1.3.

OOOOO. RAPPORT VAN DIE FINANSIËLE KOMMISSIE

Die volgende kollektes is staande Sinode 2009 goedgekeur

1. Verpligte Kollektes		Riglyn p/j
1	Bybelverspreiding	R25 per belydende lidmaat
1	Die Kerkblad	
1	Dankbaarheidsfonds	R25 per doop- en belydende lidmaat
1	Ekumenisiteit - Buitelands	
1	Ekumenisiteit – Geref Gemeente Londen	
7	Emeritaatsversorging	R 20 per belydende lidmaat
5	GKSA Sustentasiefonds	R 10 per belydende lidmaat
1	Pro Ecclesia Studieleningsfonds	
6	Teologiese Studentekas	

2. Vrywillige Kollektes		
1	Christelike Onderwys – Arso/lesmateriaal	Ekstra donasies word ook gevra.
1	Thusofonds	Ekstra donasies word ook gevra.
1	Bystandsfonds vir Diakonie (SDDS)	
1	Teologiese Skool Biblioteek	
1	Teologiese Skool Publikasies	
2	GKSA Jeugsorg	

Besluit: Goedgekeur.

PPPPP. FINANSIËLE STATE

Kyk Addendum: Finansiële State agterin Handelinge.

Die finansiële state is jaarliks behoorlik geouditeer en opgestel volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk. Daar is ook jaarliks 'n ouditkomitee-vergadering gehou, waarby 'n onafhanklike rekenmeester teenwoordig is. Tydens die vergadering word relevante sake bespreek met die ouditeur en rekenmeester. Tydens die vergadering het die ouditeur, mnr Johan Venter, sy tevredenheid uitgespreek met die prosesse wat bespreek is. Die Kommissie is van oordeel dat die stelsels en prosesse, vir beheer en toesig, wat goedgekeur is geïmplementeer is en goed funksioneer. Die state is ook jaarliks direk na hierdie vergadering, aan afgevaardigdes van die Partikuliere Sinodes, en deur hulle na die Klassisse en gemeentes, deurgegee.

Besluit: Goedgekeur.